



AGENDA (Aanvullend)

vir die 15de vergadering van die

ALGEMENE SINODE

van die

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE
KERK**

**VEREMARKSAAL, PORT ELIZEBETH
Sondag 6 tot Donderdag 10 Oktober 2013**

A.3 BEVOEGDHEIDSRAAD (AANVULLEND)

1. OPTREDE VAN DIE NAMIBIESE KURATORIUM

1.1 Die ATR het dit aan ds HJ van Zyl, aktuaris van die Namibiese Sinode, opgedra om die studente wat kwalifiseer vir 'n beperkte legitimasië namens die Algemene Sinode te legitimeer. Dr J Woest van die Algemene en Namibiese Kuratorium het hom bygestaan

1.2 Die volgende kursusse is deur die studente voltooi: Vaste Fondamente (Ou en Nuwe Testament), Gemeentebou, Prediking, Pastoraat, Jeugbediening, Kerkreg en Belydenisskrifte en Eksegese (Veritas).

1.3 Die volgende persone is die naweek van 30 Junie 2013 gelegitimeer en het 'n Akte van Gekwalifiseerde Legitimasie ontvang. Hulle sal ook net beroepbaar wees in die gemeentes waar hulle tale gebesig word naamlik Tsumkwe, Luhebu-Noord, Bagani en Wildevy ('n kategoriale gemeente in die gemeentes van Otavi, Grootfontein en Tsumeb). Die persone is: Isaac Chameia, Gerrie Cwi, Josef Gevers, Petrus Kaimbi, N!aici Komtsa, Leviet Kxao, Shotty Mayebo, Jafet Moyo.

1.4 AANBEVELINGS: GEKWALIFISEERDE LEGITIMASIE NAMIBIË

1.4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die persone wat deur die Namibiese Sinode 'n Akte van Gekwalifiseerde Legitimasie ontvang het.

1.4.2 Die Algemene Sinode keur die optrede van die Namibiese Sinode goed

2. BEFONDSING VAN DIE ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD

2.1 OPDRAG

Die Algemene Sinodale Moderamen sowel as die Algemene Taakspan Fondse het die ABR versoek om ander moontlikhede te ondersoek om die uitgebreide en nuwe werksaamhede wat by die ABR se take bygevoeg is, te ondersoek. Die ABR het die volgende moontlikhede ondersoek en wil graag die Algemene Sinode met die volgende voorstel bedien.

2.2 VOORSTEL TEN OPSIGTE VAN 'N VOLHOUBARE BEFONDSINGMODEL VAN DIE ABR.

2.2.1 Die ABR se werksaamhede het aanvanklik gekonsentreer op die aangeleentheid wat die bevoegdheid van bedienaars van die Woord raak. Dit het ingehou dat 'n kantoor met sy infrastruktuur gevestig moes word, 'n funksionaris benoem word om die werksaamhede te doen en 'n doelmatige elektroniese databasis ontwikkel moes word. In die eerste jaar is die registrasiefooi hiervoor aangewend en is die ABR volledig gefinansier.

2.2.2 Namate die ABR in sy funksies ontwikkel het asook die situasie waar daar ander werksaamhede by die primêre funksie van die ABR gevoeg is, het die ABR tot die besef gekom van die sinvolheid dat alle sake wat predikante raak onder die een sambreel van die ABR tuishoort. In die tweede jaar waarin die ABR gefunksioneer het, het die ABR diep onder die indruk gekom dat sy werksaamhede nie net beperk is tot die sake wat die persoon van die bedienaar van die Woord raak nie, maar dat ook sake en adviese wat hulp en ondersteuning gee wat op die terrein van die gemeente, ring en sinode lê deel van sy kernbesigheid is.

2.2.3 Dit het meegebring dat die ABR as administratiewe kantoor deur middel van sy adviese, hulp en leiding werklik die breë kerkverband dien. Tans is die registrasiefooi genoegsaam om net die sake wat die bevoegdheid van die bedienaar van die Woord raak, te diens. Om steeds die omvattende diens aan gemeentes, ringe en sinodes te lewer, is die ABR genoodsaak om ook fondse uit hierdie bronne te put wat ook van die dienste gebruik maak. Die registrasiefooi is dus nie genoegsaam nie en dit raak ook onbillik dat ander gebruikers van die ABR as diensverskaffer gebruik maak sonder om daarvoor te betaal.

2.2.4 Die ABR is van oordeel dat die Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes medeverantwoordelikheid moet aanvaar vir die dienste wat die ABR ook aan hulle lewer. 'n Meer eweredige en billike befondsingsmodel tussen al die gebruikers van die ABR sal dus so meewerk dat die ABR op volhoubare wyse sy dienste kan voortsit en ook uitbrei. Op grond van bogenoemde wil die ABR die volgende vir goedkeuring aan die Algemene Sinode voorlê:

2.3 AANBEVELINGS: BEFONDSING VAN DIE ABR

2.3.1 Die Algemene Sinode neem kennis

2.3.1.1 dat die werk van die ABR in sy eerste jaar deur die registrasiefooi gefinansieer kon word;

2.3.1.2 dat dit sinvol is om alle sake wat predikante raak onder een sambreel saam te groepeer

2.3.1.3 dat as gevolg hiervan die ABR se dienste veel wyer strek as slegs die belange van gelegitimeerdes en dat gemeentes, ringe asook die Algemene Sinode gedien word.

2.3.2 Die Algemene Sinode herbevestig dat leraars/emeriti en proponente jaarliks die vasgestelde registrasiefooi (soos vasgestel deur die ASM) moet betaal, waaruit die funksies wat bevoegdheid van bedienaars van die Woord raak, gefinansier word.

2.3.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ABR om'n moontlike befo ndingsmodel te ondersoek waar gemeentes, ringe, sinodes en die Algemene Sinode vir eie werksaamhede proporsioneel aangeslaan word ten opsigte van die dienste wat die ABR aan hulle lewer, met verslag aan die ASM.

2.3.4 Die Algemene Sinode versoek die ASM om, wanneer 'n haalbare befondingsmodel gevind is, in samewerking met die ATF en ABR die ABR-begroting te finaliseer aan die hand van die moontlike bydraes wat deur die onderskeie gebruikers (gemeentes, ringe, sinodes en Algemene Sinode) verskuldig is.

2.3.5 Die Algemene Sinode gee toestemming aan die ABR om ook ander wyses van aanvullende befonding te ondersoek soos byvoordeel erflatings, skenkings en spesiale kollektes ter wille van die verligting van leraars en gemeentes se bydraes.

3. STANDPLAASVERWISSELING

3.1 Die Bedieningsvreugdemodel is die omvattende en holistiese benadering tot die begeleiding en versorging van predikante. Dit het dus nie slegs te doen met opleiding, bevoegdheid, vaardigheid en bekwaamheid van predikante nie, maar ook met die mobiliteit van predikante. Mobiliteit beteken dat geleenthede geskep word vir vernuwende blootstelling, nuwe uitdagings en ook (m)we werkkring.

Sulke nuwe geleenthede en blootstelling voorkom uitbranding, afname in uitsette, die verval in gemaksone en belangeloosheid. Dit stimuleer die bediening, verhoog energie vir die bediening, bring nuwe uitdagings en veroorsaak groei – vir predikante en gemeentes!

3.2 Die huidige situasie in die kerk lei tot'n ooraanbod van leraars, krimpende lidmaatgetalle, verswakkende finansies en 'n gebrek aan vakatures wat veroorsaak dat predikante nie meer gereeld skuif nie.

3.3 Die jongste navorsing van die Kerkspieël-predikantepaneel van die NG Kerk (2012) wys op die volgende ter ondersteuning van 'n behoefte aan verhoogde mobiliteit:

23% van predikante het die afgelope jaar aansoek gedoen vir 'n pos

55% van predikante was reeds langer as 10 jaar in dieselfde gemeente

44% van predikante het gemeen 10 tot 14 jaar is die ideale tyd om in 'n gemeente te wees

34% van predikante het positief gevoel oor 'n verpligte verskuiwing na 'n ander gemeente

37% van predikante het gevoel hulle wil net wegkom uit die huidige gemeente

3.4 Dit is dus duidelik dat die kerk, bykomend en komplimenterend tot die normale sisteem van beroeping'n sisteem en proses vir verhoogde mobiliteit daarstel om predikante te help om van werkkring (gemeente) te kan verander tot voordeel van beide die predikant en die gemeente. Standplaasverwisseling, as moontlike wyse vir die verhoging van mobiliteit, behoort uitgebou te word.

3.5 Tans is die ABR besig met'n studie oor verskeie moontlikhede om die mobiliteit in die kerk te verhoog. Dus versoek die ABR die Algemene Sinode om hom daarvoor as volg uit te spreek:

3.6 AANBEVELINGS: STANDPLAASVERWISSELING

Die Algemene Sinode:

3.6.1 besluit om die proses van standplaasverwisseling meer deursigtig te maak vir die hele kerk;

3.6.2 gee opdrag aan die ABR om 'n hernude proses van standplaasverwisseling van stapel te stuur vanaf 1 Januarie 2014;

3.6.3 besluit in beginsel dat waar leraars langer as tien jaar in 'n gemeente is kerkrade, leraars en die ring 'n gesprek moet voer oor die moontlikheid van standplaasverwisseling;

3.6.4 gee opdrag aan die ABR om 'n proses vir die praktiese uitvoering van standplaasverwisseling te bepaal en te begelei met deurlopende terugvoer aan die Moderamen.

A.7 ALGEMENE TAAKSPAN FONDSE

1. PERSONEEL

1.1 Algemene Sinode Kantoor:

Algemene Sekretaris Dr JJ (Kobus) Gerber
Rekenmeester Mnr G (Gerhard) Potgieter
Taakspan Diensverhoudinge Dr L (Dewyk) Ungerer

1.2 Sinodale Verteenwoordigers:

Wes-en Suid-Kaapland Ds MP (Monty) Sahd
Oos-Kaapland Mnr T (Tommie) van der Mescht
Noord-Kaapland Dr AC (Abraham) Swanepoel
NG Kerk in KZN Ds PJ (Petrus) Botha
Vrystaat Dr LM (Leon) Foot
Wes-Transvaal Ds JPA (Johan) Brink
Noordelike Sinode Dr MN (Michiel) van der Merwe
Hoëveld Sinode Ds DS (Danie) Oosthuizen – Voorsitter Beleggingskommissie
Oostelike Sinode Ds FJ (Francois) Retief
Namibië Ds MJN (Thijs) van der Merwe

1.3 Persone wat die finansiële administrasie van die streeksinodes hanteer:

Wes- en Suid-Kaapland Ds AH (Bossie) Minnaar - Saakgelastigde
Oos-Kaapland Ds DW (Danie) Mouton - Direkteur Sinode
NG Kerk in KZN Ds BJ (Ben) van Dyk - PSD
Wes-Transvaal Ds NWJ (Nico) van Rensburg - PSB (Hoof Uitvoerende Beampte)
Hoëveld Sinode Dr AS (Bertus) Koorts - Algemene Kantoorbestuurder
Oostelike Sinode Ds HJ (Henry) van der Schyff - Uitvoerende Amptenaar
Vrystaat Mnr JA (André) Esterhuizen – Direkteur Administrasie en Finansies
Noordelike Sinode Mnr JB (Johan) Kruger - Saakgelastigde
Namibië Ds C (Clem) Marais - Algemene Sekretaris
Noord-Kaapland Ds JPL (Mossie) Mostert – PSD

1.4 Dagbestuur – di JPA (Johan) Brink (waarnemende voorsitter), DS (Danie) Oosthuizen (gekoöpteer) en dr AS (Bertus) Koorts (skriba).

2. WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

Die ATF het gedurende die termyn aan oa die volgende sake aandag gegee:

2.1 Herstrukturering: Algemene Sinode se werksaamhede soos wat dit die bestuur van hulpbronne raak

2.2 Werkswyse van die algemene sinode: beheer en bestuur

2.3 Funksionering van dagbestuur: raamwerk vir besluitnemingsbevoegdheid (delegasies vanaf die ATF) vir die dagbestuur van die ATF

2.4 Werkskediule van die ATF: tydraamwerke van die werksaamhede van die ATF

2.5 Die finansiële bestuursbenadering

2.6 Begrotingsbeleid

2.7 Reglement vir die ouditkomitee/ beleid vir die aanstelling van lede van die ouditkomitee

2.8 Hersiening van reglement 6

2.9 Etiek ten opsigte van die ontvangs van geskenke

2.10 Finansiële state van die Algemene Sinode

2.10.1 kwartaallikse inkomstestaats

2.10.2 kwartaallikse kontantvloeiastaats

2.11 Elke sinode se bydrae tot die inkomste van die Algemene Sinode

2.11.1 bepaling van die bydraes: bespreking van 0,28% heffing

2.11.2 bepaling van eenvormige definisie: totale lopende inkomste

2.12 Begroting vir die Algemene Sinode se werksaamhede

2.13 ABR se finansiële posisie

2.14 Begroting Algemene Sinode 6-10 Oktober - Port Elizabeth

2.15 Geouditeerde finansiële state 2011/12 en 2012/13

2.16 Erflatings/skenkings

2.17 Struwig-ekoreservaat

2.18 Eiendomsbelasting: interpretasie van wetgewing

2.19 Gesprek met die ASM op 12 Maart 2013

2.20 Beleggingskommissie – verslae

2.21 Die kerk as 'n openbare weldaadorganisasie

2.22 Strategiese implikasies vir die Algemene Sinode se beleggingsportefeulje

- 2.23 Die versoek van die Beleggingskommissie aan die ATF om aandag te skenk aan gebeurlikheidsreserwes vir die Algemene Sinode
- 2.24 Situasie van die gemeentes in die verskillende sinodes
- 2.25 Totale koste vir indiensneming: advies aan sinodes
- 2.26 Wet op die beheer van tweedehandse goedere (Wet no 6 van 2009)
- 2.27 Versoek vanaf die ASM: maatskappye van die NG Kerk.

3. FINANSIËLE BESTUURSBENADERING

3.1 Die opgedateerde Finansiële Bestuursbenadering is aangeheg as **Bylaag 1**.

3.2 AANBEVELING: FINANSIËLE BESTUURSBENADERING

Die Algemene Sinode keur die Finansiële Bestuursbenadering goed.

4. REGLEMENT

4.1 Die gewysigde Reglement 6 vir die Algemene Steunspan Fondse en Bates (tans Algemene Taakspan Fondse) is aangeheg as **Bylaag 2**.

4.2 AANBEVELING: REGLEMENT STEUNSPAN FONDSE EN BATES

Die Algemene Sinode besluit om Reglement 6 goed te keur.

5. STAND VAN BELEGGINGS

5.1 BELEGGINGSKONSULTANT

PSG KONSULT

5.2 VOORUITSIGTE

5.2.1 Die Algemene Sinode word gewys op die gevare van 'n borrel wat ons in die afgelope goeie tyd beleef het:

- 'n Sterk styging in batewaardes binne 'n spesifieke industrie, kommoditeit of bateklas.

- 'n Spekulatiewe borrel word gewoonlik veroorsaak deur buitengewone hoë verwagtinge van toekomstige groei, prys appresiasie en ander geleenthede wat sal veroorsaak dat batewaardes sal toeneem.

- Gewoonlik neem verhandeling volumes toe, soos meer beleggers betrokke raak rondom die hoër verwagtinge.

- Kopers oorskry verkopers en pryse styg vër bokant objektiewe en redelike waardasies van die bate.

5.2.2 Die borrel is nog nie voltooi totdat pryse terugsak tot genormaliseerde vlakke nie; dit kan beteken dat ons van tyd tot tyd skerp prysdalings kan ervaar waar meeste beleggers paniekbevange raak en hul beleggings likwideer. [“Investopedia”]

5.2.3 'n Hele paar jaar van swaarkry lê nog vir die Suid-Afrikaanse ekonomie voor. Daar word 'n afswaai in markte verwag weens verskeie redes. Die ATF is baie versigtig vir die wolk agter die silwer randjie van hoë dividende.

5.3 STAND VAN BELEGGINGS

Maatskappy	Saldo soos op 21/11/2011
PSG Bestuurde Aandeelportefeulje (bateruil)	R 5 131 823.67
PSG Bestuurde Aandeelportefeulje (plaaslik)	R 13 708 026.52
Prudential Enhanced SA Property Tracker Fonds (D)	R 3 193 153.47
Investec Gekoppelde Geldmarkrekening*	R 13 270 053.61
PSG Konsult Inkomste FvF (D)	R 7 125 192.96
PSG Konsult Preserver FvF (D)	R 125 919.93
Portefeulje Totaal	R 42 554 548.16

PRESTASIE : TOTALE PORTEFEULJE (AANDELE EN EFFEKTETRUST)

	Werklik	Maatstaf (inflasie + 3%)
12 maande	15.02 %	9.3%

Maatskappy	Saldo soos op 31/7/2013
PSG Bestuurde Aandeelportefeulje (Bateruil)	R 10 501 253.51
PSG Bestuurde Aandeelportefeulje (Plaaslik)	R 20 729 386.88
Prudential Enhanced SA Property Tracker Fonds (D)	R 4 598 901.66
Investec Gekoppelde Geldmarkrekening	R 19 863 423.68
PSG Konsult Income FvF (D)	R 8 042 161.97
PSG Konsult Preserver FvF (D)	R 154 726.74
Portefeulje Totaal	R 63 889 854.45

Stand van beleggings soos op 31 Augustus 2013: R 65 127 386.

5.4 TOTALE BATE-ALLOKASIE

Strategiese Bateverdeling


Bateklas	Verdelings-parameters
Geldmark	25% tot 100%
Effekte	0% tot 30%
Aandele	0% tot 65%
Genoteerde Eiendom	0% tot 20%
Verskansings-instrumente	0% tot 10%
Krugerrande	0% tot 5%
Ongenoteerde aandele *	0% tot 5%

Werklike Bateverdeling


Bateklas	Verdelings-parameters
Geldmark	35%
Effekte	8%
Aandele (Plaaslik & Buitelands)	48%
Genoteerde Eiendom	8%
Buiteland (Ander)	1%
Voorkeuraandele	0%

* Nie meer as 2.5% in een maatskappy nie

5.5 TOTALE PORTEFEULJE: BATE-ALLOKASIE



5.6 AANDEELPORTEFEULJES: SEKTORALLOKASIE



6. STAND VAN SAKE IN ONS STREEKSINODES 2009 – 2012

STATISTIEKE OOR DIE ALGEMENE POSISIE VAN ONS GEMEENTES					
Veranderlikes	2009/2010	2010/2011	2011/2012	2012/13	Toename/ Afname
Gemeentes	1 138	1 126	1 118	1 116	-2
Lidmate belydend	837 641	829 177	808 100	784 070	-24 030
Lidmate doop	232 059	227 169	220 721	212 382	-8 339
Lidmate totaal	1 069 700	1 056 346	1 028 821	996 452	-32 369
Leraars	1 585	1 574	1 570	1 583	13
Aantal lidmate/leraar	675	671	655	630	-25
Aantal belydende lidmate/leraar	528	527	515	495	-20
Totale lopende inkomste ¹	R 1 355 023 740	R 1 443 038 858	R 1 398 486 293	R 1 501 126 827	R 102 640 534
% Verandering	2.59	6.50	-3.09	7.34	
Lopende inkomste/belydende lidmaat	R 1 618	R 1 740	R 1 731	R 1 915	R 184
% Verandering	3	7.58	-0.56	10.63	
Gemeentes tekort	449	529	505	483	-22

AANBEVELING: STAND VAN SAKE IN STREEKSINODES

Die Algemene Sinode neem kennis van die stand van sake in die streeksinodes.

7. STRATEGIESE IMPLIKASIES: BELEGGINGSPORTEFEULJE

7.1 Die uiteensetting is aangeheg as Bylaag 3.

7.2 AANBEVELING: BELEGGINGSPORTEFEULJE

Die Algemene Sinode herbevestig die mandaat dat die ATF die verantwoordelikheid het om sy beleggingsportefeulje deurlopend te beskerm deur te verseker dat die nodige maatreëls in plek is.

8. VOORSTELLE EN AANBEVELINGS WAT FINANSIËLE IMPLIKASIES HET

Die Algemene Sinode besluit dat alle voorstelle wat 'n finansiële implikasie het eers na die Tydelike Taakspan Fondse verwys word.

¹ Sinode van Namibië se syfers is nog uitstaande.

ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK

FINANSIËLE BESTUURSBENADERING (Weergawe 4)

1. ALGEMENE STEUNSPAN FONDSE EN BATES (ASFB): OPDRAG

Volgens Kerkorde Reglement 6 is die ASFB se opdrag as volg:

Die Steunspan

3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word tov finansiële bestuur, bates en beleggings, eiendomme en oudit;

3.2 stel jaarliks in oorleg met die Bedryfspan die begroting vir onderskeidelik die strategiese en operasionele werksaamhede van die Algemene Sinode op aan die hand van

3.2.1 Artikel 43 van die Kerkorde;

3.2.2 die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode;

3.2.3 die prioriteite deur die Algemene Sinode gestel;

3.2.4 die begrotings- en beleggingsbeleid van die Algemene Sinode; en

3.2.5 die beskikbaarheid van fondse daarvoor.

3.3 hou toesig oor die besteding van fondse ten opsigte van al die werksaamhede van die Algemene Sinode, waaronder die administratiewe en personeel- en kapitale uitgawes;

3.4 tree in gesprek met die Ouditkomitee soos nodig;

3.5 kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring voor;

3.6 lewer jaarliks insette aan die Steundiens Menslike Hulpbronne in verband met die riglyne vir die vergoedingspakket van bedienaars van die Woord;

3.7 beoordeel die finansiële implikasies by die vulling van vakatures in poste vir werknemers in algemene sinodale diens;

3.8 sien toe dat die Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse uitgevoer word ten opsigte van die Algemene Sinode, die afsonderlike regsentiteite én trusts se fondse en bates;

3.9 tree op in alle regsdinge of dispute oor eiendom, goedere en fondse sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoeve van die Algemene Sinode na raadpleging van die Algemene Steunspan Regte;

3.10 stel in oorleg met die Algemene Steunspan Regte reglemente op vir geadministreerde fondse en lê dit vir goedkeuring voor aan die Algemene Sinode of die Moderamen wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is nie;

3.11 wys sonder afstanddoening van aanspreeklikheid die nodige komitees aan om gedelegeerde werksaamhede te onderneem, waaronder 'n beleggings-komitee en eiendoms-komitee;

3.12 wys elke twee jaar drie fidusiële verantwoordelike persone aan soos vereis vir die Algemene Sinode as Openbare Weldaadorganisasie; en

3.13 sien toe dat die jaarlikse opgawe van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) voorsien word soos deur die Belasting-vrystellingseenheid van die SAID vereis.

2. FINANSIËLE BESTUURSBENADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE (AS)

2.1 Algemene beleid

2.1.1 Die finansiële **bestuursverantwoordelikheid** van die AS en al sy strukture is daarin geleë dat finansies deursigtig en gedissiplineerd bestuur word – sien *Standaard Vir Verantwoordelike Rentmeesterskap*. Die AS bely dat die Here die finansiële middele voorsien, maar aanvaar saam met die gawes wat die Here gee, ook rentmeesterskap vir die effektiewe en doeltreffende beheer, bestuur en bedryf daarvan.

2.1.2 Die AS word saamgestel uit 10 sinodes wat verantwoordelik is vir die voorsiening van die primêre inkomste van die AS om sy opdrag soos vervat in Artikel 43 van die Kerkorde te kan uitvoer.

2.1.3 Die AS se begroting word befonds op 'n formulebasis vir die invordering van primêre inkomste soos met sinodes ooreengekom. Billikheid, regverdigheid en die beginsel van deursigtigheid en verifieerbaarheid moet te alle tye gehandhaaf word.

2.1.4 Die rente-opbrengs van die reserwe fondse van die AS kan ook as primêre

inkomste aangewend word – sien die *Strategiese Implikasies vir die Algemene Sinode se Beleggingsportefeulje*.

- 2.1.5 In die uitvoering van sy taak kan die AS ook van sekondêre inkomste gebruik maak, soos borgskappe, vennootskappe met die Staat en privaatsektor.
- 2.1.6 Ongeag deur wie of op welke wyse enige fondse in die naam van die AS ingesamel of gegeneer word, berus die aanspreeklikheid daarvan uitsluitlik by die AS (of die ASM indien die AS nie in sitting is nie) (Vgl. Kerkorde Reglement 18).
- 2.1.7 Die Kantoor van die AS hanteer die finansiële administrasie van alle finansiële aktiwiteite van die AS, terwyl die ASFB sy verantwoordelikheid dien-ooreenkomstig nougeset uitoefen.
- 2.1.8 Die ASFB verseker dat 'n toepaslike stelsel van interne kontroles, delegasies asook 'n risikobestuursplan vir die AS in plek is.
- 2.1.9 Die fokus en verantwoordelikheid van taakspanne en projekspanne word óf deur reglemente óf besluite van die ASM bepaal.
- 2.1.10 Elke steunspan, taakspan en projekspan van die AS/ASM het 'n onlosmaaklike geïntegreerde funksie tov die effektiewe en doeltreffende funksionering tov die AS se roeping, uitgangspunte, kernwaardes, kernbesigheid en fokus-areas (Artikel 43).
- 2.1.11 Die begroting is en bly die AS/ASM se verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, met dien verstande dat in die bestuur van die inkomste moeite gedoen word om die ASM, Bedryfspan en al die steunspanne, taakspanne, projekspanne en sinodes eienaarskap te laat aanvaar vir die AS se totale begroting. Daarvoor moet almal betrokke presies ingelig

word waarvoor hul moet gee en verseker wees dat die aanwending van fondse van wat gegee is verantwoordbaar gedoen word.

- 2.1.12 Die begroting is 'n finansiële beheer-instrument van beskikbare fondse en word deur die AS/ASM/Bedryfspan /ASFB gebruik vir die bestuur en beheer van alle fondse wat deel daarvan vorm.
- 2.1.13 Die AS/ASM/Bedryfspan/ASFB mag geen fondse van watter aard ookal anders hanteer as deur die AS se rekenkundige stelsel wat opgestel en bedryf word volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige beleid en standarde nie.
- 2.1.14 Die NG Kerk in algemene sinodale verband is die regs persoon en eienaar van alle roerende en onroerende bates wat in die naam van die AS geregistreer is of onder die bestuur en beheer daarvan geplaas is (vgl. Kerkorde Reglement 18).

2.2 Interpretasie van beleid

Die interpretasie van beleid, waar dispute ontstaan, is die funksie van die ASM. Indien die dispuut nie deur die ASM opgelos kan word nie, beslis die AS finaal daaroor.

2.3 Doelmatigheid van die beleid

- 2.3.1 Die doel met'n finansiële beleid is om die bestuur van die fondse en bates van die AS so effektief en doeltreffend moontlik te laat funksioneer deurdat funksionaris/steunspanne in staat gestel word om roetinebesluite (delegasies), wat reeds deur beleid bepaal is, te neem sonder voortdurende verwysing na en goedkeuring deur vergaderings of gevolmagtigdes.
- 2.3.2 Doelmatige beleid skep 'n raamwerk van besluite wat die minimum interpretasie en verklaring benodig, en wat van toepassing gemaak kan word op situasies wat gereeld in die bedryf

van die organisasie se werksaamhede voorkom. Dit het ten doel om:

- i. Deursigtig en toeganklik te wees;
- ii. Duidelik en ondubbelsinnig te wees;
- iii. Aan te dui watter roetinebesluite [delegasies] op watter vlak (by watter funksionaris/steunspan) tuishoort.

2.3.3 Die finansiële beleid vorm 'n onderafdeling van die organisasiebeleid en moet dus saamgelees word met die Kerkorde (Art 43 in besonder), Roepingsverklaring, besluite van vergaderings van die AS, kernwaardes en kernbesigheid asook prioriteite van die AS itv Art 43 om die bedryfsstelsel volledig te begryp.

2.4 Doeltreffendheid van die beleid

2.4.1 Waar doelmatigheid verwys na insette, maw die onderbou wat funksionaris/steunspanne bemagtig om besluite te neem en werk effektief en doeltreffend afgehandel te kry, verwys doeltreffendheid na die stel en bereiking van doelwitte deur deurlopende meting en verslagdoening van uitsette.

- Beleidsdoelwitte behoort:
- i. Realisties te wees;
 - ii. Duidelik en ondubbelsinnig te wees;
 - iii. Beperk te wees (m.a.w. gekoppel wees aan tyd);
 - iv. Meetbaar te wees; en
 - v. Op skrif te wees.

2.4.2 Beleidsdoelwitte vloei voort uit Art 43, die kernwaardes en kernbesigheid asook prioriteite van die AS itv Art 43, en moet daarop ingestel wees om dit deurlopend te ondersteun.

2.4.3 Die beleidsdoelwitte hieronder poog om die werk van die ASFB te fokus en 'n raamwerk te skep waarbinne die prestasie van die Steunspan beoordeel kan word.

2.4.4 Beleidsdoelwitte

Beleidsdoelwitte word normaalweg in terme van 'n relatief langer termyn gestel en het betrekking op daardie aktiwiteite wat deurlopend van aard is.

- Die ASFB se beleidsdoelwitte is om:
- i. uitvoering te gee aan Reglemente 6 en 18 van die Kerkorde van die NG Kerk (soos van toepassing)
 - ii. jaarliks as uitgebreide ASFB te konstitueer en die inkomste uit sinode bydraes te onderhandel op 'n billike grondslag vir sinodes sowel as die AS;
 - iii. jaarliks 'n realistiese konsepbegroting in oorleg met die Bestuurspan en die Begrotingsbeleid vir die AS/ASM voor te berei;
 - iv. die AS/ASM jaarliks so te adviseer dat groei in die goedgekeurde sinodale begroting beperk word tot nie meer as die gemiddelde groei in sinodes se inkomste nie;
 - v. die Bestuurspan deurlopend te adviseer en van die nodige bestuursinligting en ondersteuning te voorsien sodat hulle in staat gestel word om hulle doelwitte effektief en doeltreffend te realiseer met die begrote fondse tot hulle beskikking;
 - vi. sinodes deurlopend te monitor en te motiveer tot die volledige en tydige betaling van sinode bydraes;
 - vii. die bates en fondse van die AS effektief en doeltreffend te bestuur;
 - viii. toe te sien dat jaarlikse eksterne audit uitgevoer word en verslag gedoen word oor die stand van die fondse en bates van die AS deur die Ouditkomitee en dat daar voldoen word aan betrokke wetgewing en vereistes van toepassing op 'n Openbare Weldaadorganisasie;
 - ix. beskikbare fondse deurlopend te belê deur die ASFB se subkomitee, die Beleggingskomitee, om die opbrengs op kapitaal te optimaliseer;
 - x. enige afwykings op die finansiële jaar se geouditeerde state van die AS in samewerking met die Bestuurspan/ASM te hanteer tesame met die Bestuursbrief vanaf die eksterne ouditeure;
 - xi. eisend sowel as verwerend op te tree in regsdinge/ dispute rakende eiendomme, goedere en fondse van die AS, na oorleg met die Algemene Taakspan Regte, en in opdrag

van die ASM.

2.5 Artikel 43

2.5.1 Prioriteite

Die ASM weeg alle versoeke tot fondse aan die prioriteite van die AS.

Dit is die volgende:

- i. Voldoen die saak aan Artikel 43 wat die eie werk van die AS beskryf?
- ii. Is die werk in ooreenstemming met die Roepingsverklaring en prioriteite itv Art 43 wat die werk van die AS op hierdie stadium bepaal?
- iii. Pas die werk by die beskikbare fondse in?

2.5.2 Riglyn

- 1 Wat die AS of die ASM ook al mag besluit tov werksaamhede en hul bekostigbaarheid, bly Artikel 43 van die Kerkorde die maatstaf daarvan.
- 2 Artikel 43 is ook die maatstaf wat die ASFB, Bedryfspan en die AS/ASM gebruik om die begroting te weeg.
- 3 Die ASM en die Bedryfspan gebruik dit ook as hulle sake oorweeg wat van die Sinodes na hulle verwys word.
- 4 Dit dien ook as 'n filter vir voorstelle wat by die AS van die vloer mag kom. Vanuit 'n finansiële hoek gesien, het elke besluit 'n R/c implikasie.
- 5 Artikel 43 is ook daar om die AS/ASM te help om bekostigbaar te funksioneer.

2.5.3 Voorstelle by sinodesittings

Elke voorstel op die AS behoort dus die volgende te kan aandui:

- 1 Voldoen dit aan Artikel 43? In die Artikel word die eie werksaamheid van die AS beskryf.
- 2 Pas dit by die prioriteite van die AS itv Art 43 in? Dit is die prioriteite soos deur die ASM bepaal.
- 3 Wat is die finansiële implikasie van die voorstel i.t.v. die bekostigbaarheid daarvan binne die begroting van die AS?

2.6 Fidusiële verantwoordelikheid

2.6.1 Ingevolge die SAID se Belastingvrystellingseenheid is elke Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) verplig om minstens 3 persone aan te wys wat fidusiële verantwoordelikheid vir die

finansies van die OWO aanvaar.

2.6.2 Die funksie van die fidusiërverantwoordelike persone word beheer deur toepaslike wetgewing, vereistes soos gestel deur die SAID se Belastingvrystellingseenheid, die gemenerereg en die beleid mbt die bestuur van sinodale fondse. In essensie beteken dit daar deurlopend voldoen moet word aan hierdie fidusiële vereistes sodat daar altyd in belang van die AS as 'n OWO opgetree word deur toe te sien dat hulpbronne met groot sorg aangewend word slegs vir die verwesenliking van die bestaansdoel van die AS (*openbare weldade* soos deur die SAID se Belastingvrystellingseenheid vereis) of dit waarvoor dit gegee is.

2.6.3 Die funksionaris/steunspanne het 'n vertrouensverhouding teenoor die AS wat bowe al van hul verlang dat hulle met ekstra sorg en uiterste goedertrou sal handel. Alle ander verwagtinge, soos vermyding van botsende belange, onpartydige optrede en handeling in die primêre belang van die AS, stam uit bogenoemde beginsels. Die implikasie van dié beginsel is ook dat die fidusiërverantwoordelike persone nie 'n beroep kan doen op 'n gebrek aan kennis, en ook nie op die beginsel van bona fide versuim nie, tensy bewys kan word dat aan die vereistes van ekstra sorg en uiterste goedertrou voldoen is.

2.6.4 Prakties gesproke is dit die funksionaris/steunspan se plig om kennis te dra van die relevante wetgewing (veral ten opsigte van die Inkomstebelastingwet en die vereistes soos gestel deur die SAID se Belastingvrystellingseenheid) en ander bepalinge rakende sy/haar rol, en in besonder is dit sy / haar plig om kennis te dra van die Kerkorde en beleid van die AS rakende sinodale fondse aangesien sy/haar gesag vir besluite en optrede hoofsaaklik hieruit spruit.

- 2.6.5 Dit is verder sy/haar plig om op die hoogte te bly met vergaderingsbesluite en die gevolge daarvan. Die feit dat 'n fidusiër-verantwoordelike persoon nie teenwoordig was by die neem van 'n besluit nie, verskoon hom/haar nie noodwendig van die aanspreeklikheid vir die gevolge daarvan nie.
- 2.6.6 Funkisionarisse/steunspanne het 'n gesamentlike en afsonderlike verantwoordelikheid rakende hul besluite en kan daarom nie individuele aanspreeklikheid vryspring tov oortredings of versuiming in die nakoming van hul wetsregtelike pligte nie. Daar is kriminele en siviele gevolge indien daar nie met genoemde ekstra sorg en uiterste goedertrou opgetree word nie en boetes/strawwe word streng toegepas.
- 2.6.7 Indien 'n funksionaris/steunspan kommer het oor die gevolge van 'n besluit word daar van hom/haar verwag om dit met die betrokke gesagstrukture op te neem. Om slegs sodanige kommer te laat notuleer, word nie aanvaar as geldige optrede binne die raamwerk van ekstra sorg en uiterste goedertrou nie.
- 2.6.8 Die ASFB wys die volgende persone as fidusiër verantwoordelike persone aan:
 - Die voorsitter van die ASFB;
 - Algemene Sekretaris van die AS;
 - Die voorsitter van die ASM.
- 2.6.9 Aangesien hierdie fidusiër verantwoordelike persone in persoon aanspreeklik gehou kan word vir die goeie bestuur van die bates en fondse van die AS, het hulle te alle tye toegang tot alle finansiële inligting van die AS. Hulle het die verantwoordelikheid om, waar hulle vermoed dat besluite die integriteit van die AS kan benadeel, dit met vooraf kennis aan die ASFB, die Bedryfspan en ASM te rapporteer.

2.7 Finansiële State

- 2.7.1 Finansiële state van die Algemene Sinode word opgestel met inagneming van gesonde rekeningkundige beginsels soos die betroubaarheid, deursigtigheid, relevansie en vergelyking van bates, ekwiteit, inkomste en uitgawe en moet voldoen aan die IFRS vir SME's.
- 2.7.2 Die rekeningkundige rekords van die AS moet jaarliks ekstern geoudit word deur 'n geoktrooieerde rekenmeestersfirma² volgens 'n goedgekeurde Ouditplan deur die Ouditkomitee. Die eksterne ouditeure word deur die AS/ASM aangestel/vul van vakatures en gereelde interaksies tussen die Ouditkomitee en die ASFB vind plaas.
- 2.7.3 Die ASFB sien toe dat die jaarlikse konsep finansiële state opgestel word en vir eksterne oudit oorhandig word.
- 2.7.4 Die konsep geouditeerde state en die bestuursbrief vanaf die eksterne ouditeure word deur die ASFB nagegaan, deur die Bedryfspan beoordeel en deur die AS/ASM goedgekeur en onderteken op aanbeveling van die Ouditkomitee.
- 2.7.5 Na die goedkeuring van die jaarlikse geouditeerde state word dit onderteken deur die fidusiër verantwoordelike persone.

2.8 Vrystelling van inkomstebelasting

Vrystelling van inkomstebelasting word deur artikels 10(1)(cN) van die **Inkomstebelastingwet** gereguleer. (Artikel 18A-belasting aftrekbaarheid van donasies **geld nie noodwendig vir alle godsdienstige organisasies nie**).

3. BEGROTING

3.1 Begrotingsbestuur

Die volgende kernbeginsels vorm die basis van

² 'n ouditeur wat kragtens die Wet op die Ouditprofessie, 2005 (Wet No. 26 van 2005), soos gewysig, geregistreer is.

die finansiële bestuur van die AS:

3.1.1 Zero-basis

Dit impliseer dat daar elke jaar, met arbeidsregtelike vereistes en riglyne in ag geneem, *de novo* na elke item op die begroting gekyk word in terme van die prioriteit en bekostigbaarheid daarvan.

3.1.2 Inkomstegedrewe

Eers nadat bekend is wat die beskikbare inkomste is itv bydraes van sinodes op grond van die ooreengekome formule en die beskikbare rente uit sekere reserwefondse, word die AS se begroting gefinaliseer. Sien ook die *Die model vir aanwending van kapitaal groei: berekening van bedrag beskikbaar*.

3.1.3 Onderhandelingsbasis

Daar word met sinodes ooreengekom oor hul bydrae tot die AS begroting itv **pt. 3.5** van hierdie dokument.

3.1.4 Bedryfspan

Die Bedryfspan stel in samewerking met die ASFB die konsep begroting op gebaseer op die prioritisering deur die AS/ASM.

3.1.5 Kontantgrondslag

Uitgawes kan slegs aangegaan word itv beskikbare fondse. Indien die begroting oorskry word agv bepaalde onvoorsiene uitgawes/ behoeftes, moet dit eers op aanbeveling van die Bedryfspan deur die ASFB goedgekeur word. Daar moet ook aangedui word hoe die oorskrydingstekort(e) ontstaan het en hoe dit gefinansier gaan/kan word.

3.2 Begrotingsprosedures

3.2.1 Die onderhandelde jaarlikse primêre inkomste vanaf die sinodes word as riglyn gebruik met die opstel van die konsepbegroting van die AS in terme van **pt. 2.5.1** en **2.5.2** hierbo.

3.2.2 Werklike inkomste en uitgawes gemeet teen die begroting, word gereeld gemonitor (Inkomstestaat) deur die Bedryfspan en verslag word aan die ASFB asook aan die AS/ASM gedoen.

3.2.3 Vaste of kontraktuele verpligtinge in die begroting geniet noodwendig prioriteit in die aanwending van beskikbare fondse. Hierdie kostes en sodanige ander kostes wat nodig is vir die effektiewe en doeltreffende funksionering van die AS, word beskou as vaste kostes of primêre uitgawe-prioriteite.

3.2.4 Enige ander kostes word as **sekondêre uitgawe-prioriteite** beskou wat finansier word uit beskikbare fondse nadat die vaste of kontraktuele verpligtinge nagekom is. Die ASFB in oorleg met die Bestuurspan poog om in die bestuur van beskikbare fondse 'n gesonde balans te handhaaf tussen sekondêre uitgawe-prioriteite.

3.2.5 **Uitbetaling van diskresionêre fondse** geskied volgens die goedgekeurde begroting en in oorleg met die Bestuurspan. As daar nie fondse beskikbaar is om die uitbetaling te dek nie, word die opdrag na die ASFB verwys vir aanbeveling aan die ASM.

3.2.6 Die ASM keur geen nie-begrote items, van watter aard ook al, goed sonder 'n deeglike ondersoek en advies van die ASFB ter wille van sinvolle en verantwoordelike bestuur van die AS se finansies.

3.2.7 Die ASFB doen jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar 'n **oorsigverslag** oor die finansies aan die AS/ASM. Hierdie verslag word vergesel deur die goedgekeurde jaarlikse geouditeerde finansiële state en die bestuursbrief.

3.2.8 Geen uitbetaling word gemaak sonder 'n **betalingsbewys** soos benodig vir 'n verantwoordbare ouditspoor nie.

i. **Uitbetalings tov eise van persoonlike aard** tov 'n amptelike AS vergadering (soos reiskoste, tolgelde, telefoon of insidentele kostes) kan net uitbetaal word deur die AS se finansiële beampte as die eis op die voorgeskrewe eisvorm onderteken is deur

die persoon wat die eis aanvra plus ook die handtekening van die betrokke AS se gemagtigde amptenaar.

ii. **Alle uitbetalings** word goedgekeur deur die persoon daartoe gemagtig deur die ASFB:

In die geval van:

- **tjekuitbetalings** word dit deur twee persone onderteken;
- **elektroniese uitbetalings** word benewens die goedgekeurde aanvraag ook die betalingsbewys gemagtig maar deur iemand anders as die persoon wat die aanvraag goedgekeur het. Die rekenmeester wat die vrystelling van 'n elektroniese betaling doen, moet dit saam met 'n ander goedgekeurde amptenaar doen wat ook sy/haar eie vertroulike kode besit.

iii **Geen uitbetaling word gemaak sonder die nodige oorspronklike bewysstukke** (faktuur en staat, goedgekeurde eisvorm, of ander brondokument soos direk onder gemeld) nie.

In die geval van:

- **toekennings** aan taakspanne of projekspanse dien die goedgekeurde begroting as brondokument
- **personeelvergoeding** dien die aanvraag van die salarisburo, waarop vergoeding per werknemer gespesifiseer word, as brondokument.
- **beleggings** is die brondokument die Beleggingsbeleid soos deur die ASFB goedgekeur.

iv **Alle kleinkasaanvullings** word op grond van identifiseerbare kontantstrokie gemaak soos gerekonsilieer en gemotiveer deur die AS se finansiële beampte.

v **Alle ontvangstes**, behalwe elektronies (wat op bankstate gereflekteer word), word per kwitansie erken.

3.2.9 Interne kontroles:

- i Geen nuwe grootboekrekening mag geopen word sonder goedkeuring van die ASFB nie.
- ii Die invoere in die grootboekrekening word deur die AS se finansiële beampte gedoen en gerekonsilieer.
- iii Bankstate en beleggingstate word maandeliks gerekonsilieer deur die AS se finansiële beampte.

3.2.10 Enige tekort op die inkomste-item 'primêre inkomste' word eerstens aangevul uit die gewysigde begroting van die betrokke jaar, dan uit die renteverdienste van die bedryfsfonds, en daarna uit die kapitaal van die bedryfsfonds.

3.2.11 Enige geouditeerde **surplus** in die begroting aan die einde van die finansiële jaar word oorgeplaas na die bedryfsfonds, tensy die AS/ASM op aanbeveling van die ASFB besluit om die surplus anders aan te wend.

3.2.12 Enige buitengewone **langtermyn** begrotingsitem(s) kan oor meer as een begrotingsjaar voorsien word met goedkeuring van die AS/ASM op aanbeveling van die ASFB.

3.2.13 Nuwe grootboekrekening word slegs deur die rekenmeester geopen, in die lig van werksaamhede en/of begrotings-items wat vir die eerste keer op die sinodale begroting verskyn.

3.3 Begrotingsproses

3.3.1 Die jaarlikse **begrotingsproses** vir die werksaamhede van die AS begin betyds Volgend die Begrotingsbeleid met die oog op 'n konsepbegroting vir die geskeduleerde vergadering van die ASFB (gewoonlik November) wat die betrokke finansiële jaar voorafgaan.

3.3.2 Met die oog op die berekening van Sinodes se aandeel aan die AS se begroting, moet die jaarlikse inligting van Sinodes die ASFB nie later as einde September van elke jaar bereik nie. Op dié vorm moet Sinodes reeds aandui of hulle oor hulle bydrae met die res van die verband wil onderhandel.

3.3.3 Moontlike onderhandeling wat mag volg uit 3.3.2 vind vooraf met die ASFB plaas – sien 3.5.

3.3.4 Die AS/ASM bepaal deurlopend prioriteite van uitgawes en besluit watter uitgawe-items op die begroting afgehandel is of gekanselleer moet word om plek te maak vir nuwe projekte van dringender en hoër prioriteit sodat die uitgawes nie die geprojekteerde inkomste sal oorskry nie. Die ASFB moet deur die ASM/Bedryfspan volledig hieroor ingelig word.

3.3.5 Die Bedryfspan voorsien die ASFB vóór die jaarlikse vergadering van die ASFB 'n konsep vir die volgende jaar se begroting.

Die konsep moet die volgende bevat:

- i. Minstens die werklike syfers van die eerste agt maande van die huidige jaar, en in ooreenstemming wees met die AS/ASM se visie vir die volgende jaar, met inagneming van die prioriteite en riglyne in Artikel 43 (sien hierbo).
- ii. Motivering vir nuwe items/buitengewone stygings en verlagings.

3.3.6 By die uitgebreide **algemene jaarvergadering** van die ASFB bespreek die ASFB die konsepbegroting, soos reeds met die Bedryfspan uitgeklaar, in die lig van die potensiële inkomste van die AS. Dit word aan die AS/ASM voorgelê vir goedkeuring.

3.3.7 Enige tussentydse wysigings aan die begroting word deur die Bedryfspan in oorleg met die ASFB aan die Moderamen voorgelê vir goedkeuring.

3.3.8 Enige **tussentydse wysigings** aan die begroting, of verandering in die begrotingsmandaat van 'n bepaalde werkzaamheid word soos volg gehanteer:

(i) As 'n taakspan of projekspan goedgekeurde fondse tussen begrotingsitems wil verskuif, onderhandel hulle eerstens met die Bedryfspan. Laasgenoemde adviseer die ASFB.

(ii) As 'n taakspan of projekspan addisionele fondse nodig:

(a) Word die aansoek na die Bedryfspan verwys wat dan 'n aanbeveling aan die ASFB voorlê; en

(b) Die ASFB adviseer die Bedryfspan tov die beskikbaarheid van fondse al dan nie.

3.4 Bydraes van die Sinodes

3.4.1 Sinodes se bydraes word bereken volgens 'n persentasie-formule gebaseer op die totale lopende inkomste³ van al die gemeentes van 'n betrokke Sinode soos op die jongste geouditeerde finansiële state van elke sinode aangetoon.

3.4.2 Bydraes word tans bereken as **0,28% van die totale lopende inkomste⁴** van alle gemeentes van 'n Sinode.

3.4.3 Hierdie persentasie kan **slegs verhoog of verlaag word** met 'n meerderheid van

³ Sien ooreengekome definisie vir Lopende Inkomste

⁴ DEFINISIE: TOTALE LOPENDE INKOMSTE

Die totale lopende inkomste van 'n gemeente is die inkomste wat vanuit normale bedrywighede gegeneer word ten einde die begroting van 'n gemeente te diens - die lopende bedryfsinkomste.

Die totale lopende inkomste van 'n gemeente is die inkomste wat vanuit normale bedrywighede gegeneer word ten einde die begroting van 'n gemeente te diens - die lopende bedryfsinkomste.

Die lopende bedryfsinkomste van die gemeentes sluit nie die volgende in nie:

- (i) Inkomste (wins met verkoop van vaste eiendom) van 'n kapitale aard;
- (ii) Versekeringseise;
- (iii) Bruidskat ontvang met afstigting;
- (iv) Eenmalige buitengewone donasies en erflatings;
- (v) Fondse ge-in vir oorbetalings: Alle fondse wat buite die gemeente se eie begroting gein word en oorbetal word aan instansies met wie die NG Kerk 'n amptelike verbintenis het.
- (vi) Hulp en korting wat deur 'n gemeente ontvang word: Hiermee word die bedrae bedoel, wat as hulp of korting aan die gemeentes op 'n ad hoc-basis verleen word.

die stemgeregtigdes tydens die vergadering van die AS.

- 3.4.4 Die bydrae van 'n Sinode word deur die ASFB bevestig.
- 3.4.5 Hierdie bydraes word maandeliks oorbetaal.
- 3.4.6 Enige Sinode wat versuim om die maandelikse bydraes te betaal, word met 'n renteheffing, volgens die prima koers van die betrokke bankinstelling van die AS, op die uitstaande bedrag gedebiteer.

3.5 Onderhandelinge

- 3.5.1 Sinodes onderhandel *vooraf* met die ASFB oor sy berekende aandeel van 0,28% (tans). Indien 'n Sinode oordeel dat hy kan nie sy aandeel ten volle kan betaal nie, moet die betrokke Sinode motiveer waarom hy nie die berekende bedrag kan betaal nie en die ASFB dien met toepaslike voorstelle vir 'n oplossing.
- 3.5.2 Onderhandeling moet geskied op die basis dat ander Sinodes ook in gedagte gehou moet word. Waardes vir hierdie onderhandelinge / gesprekke is *deursigtigheid, verifieerbaarheid, kostebesnoeiing in eie kring, billikheid en regverdigheid*.
- 3.5.3 Indien die ASFB oordeel dat daar 'n finansiële gebeurlikheidskrisis is, word die saak na die ASM verwys vir 'n interimreëling tot by die volgende Algemene Sinode.

4. BESTUUR VAN BELEGGINGS

Die AS het die volgende verdeling van fondse in die

4.1 Bedryfsfonds

- 4.1.1 Donasies en bemakings aan die AS, opbrengs uit vervreemding van eiendom, asook enige surplus op die bedryfsrekening word in die Bedryfsfonds ontvang.

- 4.1.2 Waar bedieningsbehoefte dit regverdig, word die rente-opbrengs, asook die kapitaal van die fonds aangewend om die begroting aan te vul as die primêre inkomste van die Sinode nie voldoende is nie. Hierdie aanvulling vind op geen ander manier plaas as deur middel van die begrotingsproses nie en ook volgens die AS se Beleggingstrategie. Sien ook *Die model vir aanwending van kapitaalgroei: berekening van bedrag beskikbaar*.

- 4.1.3 **Bedrae wat ontvang word vir spesifieke bedieninge** word geormerk in die fonds, en toekennings aan die bepaalde bediening geniet voorrang uit die geormerkte fondse, indien die lopende begroting nie voldoende is nie. Hierdie aanvulling vind op geen ander manier plaas as deur middel van die begrotingsproses nie.

- 4.1.4 **Tekorte** op die bedryfsrekening word teen die Bedryfsfonds verreken.

4.2 Voorsieningsfondse

'n **Voorsieningsfonds(e)** word jaarliks per begroting van die AS geskep itv verwagte toekomstige uitgawes waarby die AS betrokke is/kan wees.

Onbestede fondse word na 'n Reserwefonds en Gebeurlikheidsfonds oorgedra onderhewig aan voorwaardes wat deur die ASFB gestel en deur die AS/ASM goedgekeur is en by die strategiese prioriteite van die AS/ASM inpas.

4.3 Geadministreerde fondse

Bedrae wat ontvang word vir spesifieke bedieninge of skenkings of bemakings met spesifieke gebruiksvoorwaardes word geormerk in die fonds, en toekennings aan die bepaalde bediening / instansie geniet voorrang uit die geormerkte fondse indien die lopende begroting nie voldoende is nie. Hierdie aanvulling vind op geen ander manier plaas as deur middel van die begrotingsproses nie.

5. BELEGGINGSBELEID (Op aanvraag beskikbaar)

(a)BELEGGINGSBELEID

(b)RIGLYNE VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE BELEGGINGSKOMITEE VAN DIE ALGEMENE SINODE

(c)DIE MODEL VIR AANWENDING VAN KAPITAALGROEI: BEREKENING VAN BEDRAG BESKIKBAAR

(d)STRATEGIESE IMPLIKASIES VIR DIE ALGEMENE SINODE SE BELEGGINGSPORTEFEULJE

(e)STANDAARDE VIR VERANTWOORDELIKE RENTMEESTERSKAP.

REGLEMENT 6**REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE STEUNSPAN FONDSE EN BATES****1. NAAM**

Algemene Steunspan Fondse en Bates (**ASFB**).

2. SAMESTELLING

2.1 Die Algemene Sinode/Bedryfspan wys vir elke termyn tussen sinodesittings 'n Algemene Steunspan Fondse en Bates aan.

2.2 Die Steunspan word saamgestel uit een lid per sinode met sekondus deur die sinode of sy gevolmagtigde genomineer.

2.3 Sinodes kan op eie koste 'n bykomende lid met adviserende stem aanwys.

2.4 Die algemene sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is *ex officio* lede van die Steunspan.

2.5 Die voorsitters van die komitees wat die Steunspan aanwys, woon die vergadering adviserend by.

2.5 Die Steunspan kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit eie geledere.

3. OPDRAG

Die Steunspan

3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word tov finansiële bestuur, bates en beleggings, eiendomme en oudit;

3.2 stel jaarliks in oorleg met die Bedryfspan die begroting vir onderskeidelik die strategiese en operasionele werksaamhede van die Algemene Sinode op aan die hand van

3.2.1 Artikel 43 van die Kerkorde;

3.2.2 die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode;

3.2.3 die prioriteite deur die Algemene Sinode gestel;

3.2.4 die begrotings- en beleggingsbeleid van die Algemene Sinode; en

3.2.5 die beskikbaarheid van fondse daarvoor.

3.3 hou toesig oor die besteding van fondse ten opsigte van al die werksaamhede van die Algemene Sinode, waaronder die administratiewe en personeel- en kapitale uitgawes;

3.4 tree in gesprek met die Ouditkomitee soos nodig;

3.5 kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring voor;

3.6 lewer jaarliks insette aan die Steundiens Menslike Hulpbronne in verband met die riglyne vir die vergoedingspakket van bedienaars van die Woord;

3.7 beoordeel die finansiële implikasies by die vulling van vakatures in poste vir werknemers in algemene sinodale diens;

3.8 sien toe dat die Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse uitgevoer word ten opsigte van die Algemene Sinode, die afsonderlike regsentiteite én trusts se fondse en bates;

3.9 tree op in alle regsdinge of dispute oor eiendom, goedere en fondse sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoeve van die Algemene Sinode na raadpleging van die Algemene Steunspan Regte;

3.10 stel in oorleg met die Algemene Steunspan Regte reglemente op vir geadministreerde fondse ~~op~~ en lê dit vir goedkeuring voor aan die Algemene Sinode of die Moderamen wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is nie;

3.11 wys sonder afstanddoening van aanspreeklikheid die nodige komitees aan om gedelegeerde werksaamhede te onderneem, waaronder 'n beleggingskomitee en eiendomskomitee;

3.12 wys elke twee jaar drie fidusiële verantwoordelike persone aan soos vereis vir die Algemene Sinode as Openbare Weldaadorganisasie; en

3.13 sien toe dat die jaarlikse opgawe van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) voorsien word soos deur die Belastingvrystellingseenheid van die SAID vereis.

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die Steunspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader ten minste twee keer per jaar op nie-elektroniese wyse.

4.2 Indien nodig, kan bykomend van die elektroniese vergaderingswyse gebruik gemaak word.



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

HATFIELD 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

STRATEGIESE IMPLIKASIES VIR DIE ALGEMENE SINODE SE BELEGGINGSPORTEFEULJE (WERKSDOKUMENT – 9 SEPTEMBER 2013)

1. RIGLYNE VIR DIE BELEGGINGSTRATEGIE

Die Behoeftes van die AS:

- verlang 'n bevredigende opbrengs op sy belegging;
- wil graag redelike toegang tot sy fondse hê;
- wil ingelig bly oor die stand van sy beleggings; en
- mag nie borg staan vir ander lenings nie – wil nie geld leen teen die beleggingsportefeulje nie (hefboom effek vir groter opbrengs in afgeleide instrumente).

Die AS se beleggingstrategie is daarop gerig om die optimale beleggingskeuse [d.w.s. optimalisering van beleggingsopbrengs binne aanvaarbare risikovlakke] te maak en sodoende die AS beleggingsbehoefte optimaal te kan bevredig. Optimale opbrengste op AS beleggings kan slegs deur die doeltreffende en effektiewe bestuur daarvan realiseer. Daarom moet die BKAS en die beleggingskonsultant voortdurend op hoogte bly van verwickelinge in die beleggingsmarkte en daarvolgens besluit oor die beste aanwending van die AS fondse. Die fokus is op:

- Beleggingsbeplanning, risiko's, mandate en plasing van beleggings; en
- Monitering en Verslagdoening.

Die AS probeer hierdie behoeftes deur gebruikmaking van die volgende strategieë te bevredig:

1.1 Kapitaalbeskerming

1.1.1 Die BKAS pas 'n goed deurdagte bate allokasie strategie toe d.w.s. 'n sinvolle bate allokasie wat probeer verseker dat aan die AS se behoeftes voldoen word; en

1.1.2 Die BKAS maak van *buigsame beleggingsinstrumente* gebruik.

1.2 Bevredigende opbrengste.


Ten einde die AS se solvabiliteit oor die langtermyn te verseker, word 'n beleggingsopbrengskoers van minstens 3% p.j. na inflasie oor 'n 36 maande rollende tydperk.

1.3 Risiko: Elke beleggingsopsie verteenwoordig 'n unieke risiko-opbrengs transaksie. Die volgende *risikobeginsels* is van toepassing:

- i. Die AS streef na die optimale vermeerdering van die beleggingsopbrengs wat verdien word binne aanvaarde risikoparameters;
- ii. Risiko word beperk deur die optimale beleggingsopbrengs na te streef binne 'n gediversifiseerde portefeulje;
- iii. Enige beleggingsportefeulje se risikoprofiel moet die vereistes van die AS se jaarlikse begroting weerspieël; en
- iv. Die AS verwag dat fondse sodanig belê word dat moontlike kapitaalverlies in nominale terme jaarliks tot 5% beperk word.

Die hersiening van die Beleggingstrategie en sy uitvoering moet die voortdurende aandag van die BKAS en die ATF geniet.

2. STRATEGIESE BEPLANNING DEUR DIE ALGEMENE SINODE (AS)



Deur die rente-opbrengs aan te wend vir die werksaamhede van die AS moet daar voortdurende gefokus word op die **langtermyn volhoubaarheid** van die AS se beleggingsportefeulje.

Die *Strategiese Plan* van die AS en die gepaardgaande *Begroting* moet die volgende kontantvloeiprojeksies verreken word:

Kontantvloeiprojeksie


Die kontantvloei projeksie op p. 3 wys watter bedrag die AS per jaar kan gebruik as ons sê dat die kapitaal vir 40 jaar moet hou. In hierdie projeksie neem ons aan dat die belegging teen 10% groei. Hiervolgens kan die AS nou R3 180 000 per jaar onttrek.

Daar moet kennis geneem word dat op hierdie stadium (Augustus 2013) die borrel nog nie voltooi is totdat pryse teruggesak tot genormaliseerde vlakke nie; dit kan beteken dat ons van tyd tot tyd skerp prysdalings kan ervaar waar die meeste beleggers paniekbevange raak en hul beleggings likwedeer.

VERSOEK AAN DIE ALGEMENE SINODE

Die AS herbevestig die mandaat dat die ATF die verantwoordelikheid het om sy beleggingsportefeulje deurlopend te beskerm deur te verseker dat die nodige maatreëls in plek is.

Kontantvloei: NG Kerk Algemene Sinode



A.12 MODERAMEN (AANVULLEND)

1. PROSESVOORSTEL TOV DIE VOORTGESETTE GESPREK OOR HOMOSEKSUALITEIT

(Vgl ook Beskrywingspunt B.17, Agenda bl 305)

1.1 DIE OPDRAG AAN 'N TAAKSPAN

1.1.1 Die Moderamen het 'n versoek van die Moderamen van die Sinode Wes-en Suid-Kaapland ontvang ten aansien van die Algemene Sinode se besluit in 2007 oor homoseksualiteit (*hierna genoem die 2007-besluit*). Die Moderamen van die Sinode Wes-en Suid-Kaapland het op sy beurt die versoek ontvang van dr Frits Gaum en 25 ander lidmate van die NG Kerk om die 2007-besluit te hersien. Die groep het 'n hersieningsvoorstel gemaak. Die Moderamen van Wes- en Suid-Kaapland nie die voorgestelde besluit van dr Gaum en ander as sodanig in behandeling geneem nie, maar besluit om die versoek en voorstelle van die groep aan die Moderamen/ Algemene Sinode te stuur vir verdere hantering. Die versoek tot hantering van die hersieningsvoorstel is in Beskrywingspunt B.17 vervat.

1.1.2 Die Moderamen het vervolgens op sy vergadering van 11-13 Maart 2013 die volgende besluit geneem:
1. Die Moderamen wys 'n ad hoc taakspan aan om by die volgende vergadering 'n prosesvoorstel voor te lê mbt:

1.1 Die herformulering van die 2007 Algemene Sinode se besluit ten aansien van die vereiste aan homoseksuele predikante om selibaat te bly.

1.2 Verdere besinning oor die aanvaarbaarheid van homoseksuele verhoudings.

1.3 Besinning oor die wenslikheid van gay ouerskap.

1.4 Verkryging van uitsluitel oor die doop van kinders van gay pare.

2. Die Moderamen versoek dat daar in die prosesvoorstel rekening gehou word met die komende Seisoen van Menswaardigheid sowel as met die NG Kerk se ekumeniese vennote.

3. Die Moderamen wys die volgende taakspan aan: Nelis Janse van Rensburg (sameroeper), Elize Morkel, Andries Kritzinger, Freddie Schoeman en Willem Fourie.

Die taakspan is intussen uitgebrei met Johann Ernst (Aktuaris) en Heerden van Niekerk (ATLAS).

1.2 DIE 2007-BESLUIT

1.2.1 Die debat is ook indertyd in alle felheid wêreldwyd gevoer en het gelei tot diep verdeeldheid in sommige kerke. Die gesprek oor die aangeleentheid is nie met die besluit van 2007 afgehandel nie. Nuwe lig kan daarop gewerp word, nuwe inligting kan beskikbaar kom, nuwe insigte kan ontwikkel en nuwe besluite kan geneem word.

1.2.2 Die volgende besluit is deur die Algemene Sinode in 2007 geneem:

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.

2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.

3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.

5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.

6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer."

[Die sinode het besluit dat hierdie 8 punte as eenheid gelees en verstaan moet word.]

1.3 NUWE VERWIKKELINGE

Sedert die besluit in 2007 geneem is, was daar die volgende nuwe verwickelinge:

1.3.1 Besluit van die Verenigende Gereformeerde Kerk

Die Taakspan het in sy besinning oor die kwessie kennis geneem van die besluit van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in 2012 oor homoseksualiteit. Die besluit is as volg genotuleer:

Decision 20 Homosexuality: URCSA 2012

1. *The General Synod affirms the decision of the General Synod 2005 as the Interim Policy on homosexuality of URCSA.*
2. *The General Synod classifies the Report on Homosexuality which had been tabled at the General Synod 2008 as a "background resource" offering assistance to church councils, presbyteries and regional synods faced with the task of evaluating homosexuality in church and society.*
3. *The General Synod calls on all regional synods to actively attend to the Report on Homosexuality of 2008 and supply the General Synodical Commission during the recess with their responses.*
4. *The General Synod appoints and instructs the task team on homosexuality to move forward in the preparation of reader friendly study material on the biblical and theological appraisal of homosexuality and issue it to the regional synods during the recess after approval by the General Synodical Commission.*
5. *The General Synod affirms the URCSA's long tradition of social justice, founded on the fundamental human dignity of every individual, as well as its bearing on the controversial and emotional issues of gay rights. The General Synod URCSA, therefore, calls on all its members to exhibited concern over the protection of homosexuals from discriminatory practices.*
6. *The General Synod affirms that the denial of human and civil rights to homosexual is inconsistent with the biblical witness and Reformed theology.*
7. *The General Synod denounces all forms of homophobic conduct.*
8. *The General Synod encourages church leaders to enter into constructive dialogue with LGBTI persons or groups representing them with the aim of better understanding them. General Synod requests the task team on homosexuality to organize opportunities for such dialogue."*

1.3.2 Besluite van ander kerke

Die Taakspan het ook kennis geneem van die besluite van die Anglikaanse Kerk, onder meer dié van die Diocese of Cape Town, asook die Anglikaanse kerk in Australië en Kanada. Ook die Church of England se vereiste om 'n selibaat lewe vir homoseksuele priesters wat as biskoppe aangestel word, het opgeval.

1.3.3 Hersieningsvoorstel

Die hersieningsvoorstel is in Beskrywingspunt B.17, Agenda Algemene Sinode 2013, bladsy 305-307 vervat.

1.4 OORWEGINGS IN DIE BESINNING OOR DIE VERHOUDINGS VAN MENSE MET 'N HOMOSEKSUELE ORIENTASIE

In sy hantering van die opdrag van die Moderamen het dit vir die Taakspan duidelik geword dat daar verdere besinning nodig is in die lig van die kompleksiteit wat duidelik geword het:

1.4.1 Die Algemene Sinode se besluit oor die toelating tot die amp van die leraar stel 'n uitsluitende voorwaarde wat die vraag laat ontstaan in watter mate hierdie voorwaarde ook vir die ander ampte geld.

1.4.2 Die Algemene Sinode se besluit oor die liefdevolle aanvaarding van alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, en alle lidmate se volwaardige deelname aan die kerklike lewe, laat die vraag ontstaan of die Kerk beperkings daarop kan plaas. Daar sal verder prinsipiële gedink moet word oor die identiteit van mense en daarom ook die identiteit van die hele geloofsgemeenskap. Punte 2 en 3 van die 2007-besluit weerspieël die regte vertrekpunt deur te verklaar:

2. *Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*

3. *Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*

1.4.3 Die aannames en norme van die kerk en samelewing aan die hand waarvan daar onderskeidend oor homoseksualiteit gedink word, vra verdere besinning. Dit is geen geheim dat die Suid-Afrikaanse samelewing hoofsaaklik heteronormatief dink nie. Dit was ook waar van die Joodse samelewing waarbinne die Bybel sy ontstaan het. Heteronormatiewe word gedefinieer as die korpus van lewensstylnorme wat bepaal dat alle mense in duidelike en onderskeibare geslagte val (man en vrou) met gepaardgaande natuurlike rolle in die lewe. Dit veronderstel dat heteroseksualiteit die enigste "korrekte" seksuele oriëntasie is. Alle soorte verhoudings wat nie aan hierdie norm voldoen nie, moet as ongewens en "verkeerd" beskou word.

1.4.4 Die kerk het inderdaad veel gevorder met sy besluite en sy gemeentelike praktyk om lidmate met homoseksuele oriëntasie te akkomodeer. Daar is al vëer aanbeweeg van die dae van openlike (homofobiese) verwerping en kwetsing van persone met homoseksuele oriëntasie, solank diesulkes konformeer aan die heersende heteronormatiewiteit in terme van seksuele gedrag en verhoudings.

1.4.5 Die werklikheid dat mense binne 'n homoseksuele verhouding soms kinders aanneem, of reeds vantevore biologiese kinders binne 'n huwelik verwek het, of deur middel van kunsmatige bevrugting 'n kind verwek, kom al hoe meer voor. Terwyl die kerk nadink oor die reg en verkeerd van hierdie praktyke en dit meestal met groot onsekerheid hanteer, gaan geleenthede verlore om sinvolle pastorale begeleiding te bied.

1.4.6 Dit bly egter in die gesprekke oor hierdie kwessies van wesenlike belang dat die Bybel steeds benut word as die belangrikste bron vir morele denke. Hierdie bron moet benut word met die volle besef dat ten spyte van die kontekstuele verskille van die Bybelse tyd en die hede, daar kontinuëiteit met die waardes wat in die Bybel geleer word, behou moet word.

1.5 AANBEVELINGS: PROSESVOORSTEL OOR HOMOSEKSUALITEIT

In die lig van bogenoemde insette van sy Taakspan, maak die Moderamen die volgende aanbevelings aan die Algemene Sinode:

1.5.1 Die Algemene Sinode neem kennis

1.5.1.1 van verwikkelinge rakende die besinning oor homoseksualiteit sedert die besluit van die Algemene Sinode van 2007;

1.5.1.2 van die verslag van die Ad Hoc-Taakspan van die Moderamen sonder om enige uitspraak te maak oor die inhoud daarvan.

1.5.2 Die Algemene Sinode besluit om ATLAS te versoek om

1.5.2.1 verder te besin oor die aanvaarbaarheid van homoseksuele verhoudings en die Kerk se standpunt daaroor;

1.5.2.2 riglyne vir gemeentes daar te stel oor die doop van kinders van homoseksuele ouers en ander kinders wat kunsmatig buite die huwelik verwek is;

1.5.2.3 in die verdere besinnig oor homoseksualiteit rekening te hou met die komende Seisoen van Menswaardigheid;

1.5.2.4 die kerkverband en ekumeniese vennote te betrek by die verdere besinning; en

1.5.2.5 aanbevelings aan die volgende Algemene Sinode te maak.

2. JEUGBEDIENING IN DIE NG KERK

2.1 Die Moderamen het as deel van sy besinning oor gebeure in die NG Kerk van die volgende kennis geneem:

2.1.1 Daar het die afgelope jare radikale skuiwe binne die NG Kerk ten opsigte van ons jeugbediening en die bediening aan die jeug plaasgevind.

2.1.2 Die AJK en verwante sinodale jeugkommissies bestaan nie meer nie. Groot befondsingsstrukture wat hiermee saamgegaan het bestaan ook nie meer nie.

2.1.3 In die teologiese opleiding is daar 'n kwynende fokus op jeugbediening. Dit blyk veral uit die dalende getal navorsingsuitsette in die verband. Die tyd wat in die kurrikulum hieraan bestee word, is ook skraal.

2.1.4 In baie groter gemeentes gaan dit steeds goed met ons jeugbediening omdat daar genoegsame kapasiteit is. Die vraag is egter wat in ons netwerk van kleiner gemeentes en sinodes gebeur?

2.1.5 Behalwe vir die werk tov kategeese en die taakspan vir navorsing oor die jeug in Suid-Afrika het kerklike besinning oor die *NG Kerk se jeugbediening* van die agenda verdwyn.

2.1.6 Die algemene indruk is dat ons jeugbediening in 'n probleemsituasie is.

2.2 As 'n eerste stap is dr Braam Hanekom getaak om 'n vrywillige netwerk van verteenwoordigers uit sinodes byeen te kry om oor die situasie te besin. Dit kan egter eers na die Algemene Sinode gebeur. Wat ookal uit die byeenkoms voortvloei, sal waarskynlik hoogstens 'n proses aan die gang sit. Die Algemene Sinode moet egter vooraf duidelik së hoe sy haar verbintenis tot hierdie werk sien.

2.3 Die Algemene Sinode se aandag word gevestig op Artikel 50 van die Kerkode:

Artikel 50

50.1 Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die Kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

50.2 Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is 'n geintegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.

50.3 Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat belydende lidmate van die gemeente wil word, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk. Hierdie onderrig geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van belydende lidmate.

50.4 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

2.4 AANBEVELINGS: JEUGBEDIENING IN DIE NG KERK

2.4.1 Die Algemene Sinode neem met kommer kennis van die situasie tov die NG Kerk se jeugbediening.

2.4.2 Die Algemene Sinode versoek die sinodes dringend om hulle samewerking te gee tot en fondse beskikbaar te stel vir 'n Netwerk: Jeugbediening (soos vir Klein Gemeentes en Lidmaatbemaagtiging) ten einde sinodes en mettertyd die Moderamen/ Algemene Sinode te adviseer.

A.12.2 BESTUURSPAN (AANVULLEND)

1. STRUKTURERING VAN DIE WERK VAN DIE ALGEMENE SINODE

(in aansluiting by pt 10 van die verslag van die Bestuurspan, Agenda bladsy 132)

1.1 OPDRAG

In opdrag van die Moderamen het die Bestuurspan verder aandag gegee aan die besluite wat die vorige Algemene Sinodes oor strukturering geneem het asook die verdere uitpak van die besluite in punt 10 van die verslag van die Bestuurspan aan die Algemene Sinode.

1.2 VERTREK PUNTE

Die Bestuurspan het tot die volgende vertrekpunte gekom en lê dit vir oorweging aan die Algemene Sinode voor:

1.2.1 Die verband moet verstaan, en dit oor en oor vir mekaar sê, dat die taak van die Algemene Sinode en die werk tussen vergaderings gerig word deur Artikel 43 van die Kerkorde. Die Algemene Sinode en sy geïmmandateerde organe kan en mag nie sake op die agenda neem wat op ander kerkvergaderings se agendas is of daar afgehandel kan word nie. Dit sluit ook die werk in wat intersinodaal gedoen word en met die werksaamhede in gemeentes, ringe en sinodes in verband staan.

1.2.2 Die Algemene Sinode se funksionering word in 'n nie-hierargiese sisteem verrig deur groepe en spanne wat interafhanklik van mekaar funksioneer en met duidelik afgebakende funksies en bevoegdhede soos in die onderskeie reglemente en taakopdragte uitgespel. Dit kan soos volg voorgestel word:



1.2.3 In die strukturering van die werk van die Algemene Sinode moet konsekwent en deurgaans onderskeid gemaak word tussen die strategiese been en operasionele been, tussen die verantwoordelikhede tov die uitvoering van die wesenstake (Art 43) en die ondersteuningstake. Die twee bene word konstant in kontak met mekaar gehou in die integrering van die werksaamhede van die Algemene Sinode.

1.2.4 Die huidige Bestuurspan van die Moderamen het nie goed funksioneer nie aangesien dit 'n werksaamheid van die Moderamen (nie die Algemene Sinode nie) was en bedryfsake weer heeltyd ingetrek is in die vergadering van die Moderamen – juis dit wat die Algemene Sinodes van 2007 en 2011 wou vermy. Die samestelling, opdrag en delegasie het ook nie bevredig nie: daarom die voorstel tot 'n meer sinvolle herstrukturering van die sisteem en werkwyse.

1.2.5 Bogenoemde kan skematies voorgestel word soos in **Bylaag 1, Bylaag 2 en Bylaag 3:**

1.2.5.1 Die uitvoering van die wesenstake omskryf in Artikel 43 en die opdragte gegee deur die vergadering van die Algemene Sinode gegrond daarop, geskied deur projekspanne soos deur die Algemene Sinode (of tussentyds deur die Moderamen) aangewys. Hierdie opdragte/projekte is gerig op die strategiese (skerpkant) en word deur die Algemene Sinode in sitting en die Moderamen tussentyds uitgevoer. Die Bedryfsplan lewer die operasionele ondersteuning (stompkant) vir die uitvoering van hierdie opdragte/projekte.

Projekspanne moet in die uitvoering van hul werksaamhede al vier die fokusse van Artikel 43 in ag neem, dus (in al hoe meer toegespitste volgorde):

- hoe kan die ekumeniese wêreld en die NG Kerkfamilie help met en gedien word deur die uitvoering van die spesifieke taak/opdrag?
- hoe kan die mindere vergaderinge van die kerkverband (veral sinodes) help met of gedien word deur die uitvoering van die spesifieke taak/opdrag?
- hoe kan die taak/opdrag aanleiding gee tot beleid- of standpuntstelling deur die Algemene Sinode vir die hele Kerk?
- hoe kan die taak/opdrag op nasionale en internasionale gebied uiting vind in woord- en daadgetuieis na buite?

1.2.5.2 'n Geïntegreerde sisteem van steundienste wat deur die Bedryfspan gekoördineer word, verskaf bedryfssteun aan alle werksaamhede van die Algemene Sinode. Die steundienste word in “departemente” met een of meer steunspanne georganiseer. Die Steundienste Menslike Hulpbronne word byvoorbeeld bygestaan deur die Steunspan Diensverhoudinge, die Steunspan Predikantesake (Algemene Bevoegdheidsraad) en die Steunspan Teologiese Opleiding (Algemene Kuratorium) wat volgens eie goedgekeurde reglemente funksioneer.

1.2.6 Dit is belangrik dat daar duidelikheid moet wees oor die grense van *delegasie*:

1.2.6.1 Die vertrekpunt is dat die NG Kerk in Algemene Sinodale verband 'n regspersoon is en die Algemene Sinode of sy gemagtigde(s) sy orgaan/ organe is.

1.2.6.2 Die Moderamen, Bedryfspan of 'n steunspan kan nie sy gevolmagtigde (gemandateerde) aanspreeklikheid aan 'n ander instansie deleger nie.

1.2.6.3 Verantwoordelikhede/verantwoordelikheid kan na ander instansies of persone gedelegeer word, maar die instansie wat deleger bly aanspreeklik.

1.2.6.4 By elke delegering, hetsy ten opsigte van aanspreeklikheid of verantwoordelikheid, moet daar 'n duidelike omskrewe mandaat wees, waarsonder geag word dat die delegering nie plaasgevind het nie.

1.2.6.5 Dit is daarom belangrik dat die *Algemene Sinode* die reglemente (of dan “volmag” of “mandaat”) van sy organe self goedkeur.

1.2.6.6 Die gebruik om werk wat aanspreeklikheid behels deur “dagbesture” af te handel, kan ernstige probleme skep. Dagbesture kan bepaalde tussentydse of spoedeisende verantwoordelikhede hê, maar die aanspreeklikhede bly by die gevolmagtigde orgaan.

1.2.7 In die besinning het dit ook duidelik geword dat daar nie genoegsaam kreatief en verbandsmatig gedink word oor hoe opdragte/werk van die Algemene Sinode op *ander* maniere gedoen kan word nie. Dit sou sekerlik moontlik wees dat opdrag aan 'n sinode opgedra kan word en dat ander sinodes wat daarby betrokke wil wees op eie koste daarby kan inskakel. 'n Aantal sinodes sáám kan ook onderneem om 'n opdrag uit te voer. Uiteraard sal dit nie in alle gevalle moontlik wees nie, maar dit is seker ook deel van verbandwees om só die werk te verdeel. Sake rakende die praktiese dienswerk (kyk Hoofstuk 4 van die Kerkorde) kan ook deur die verband intersinodaal gedoen word en hoort dan net op die tafel van die sinodes wat meewerk, en nie op die tafel van die Algemene Sinode nie.

1.2.8 Die onderskeie regspersone (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes, asook kerklike maatskappye en ander regsentiteite), asook die regspersone se gevolmagtigdes is in die Suid-Afrikaanse konteks ook daartoe verbind om die beginsels van die King III-verslag tov goeie korporatiewe bestuur en leiding te volg – veral omdat die Kerk gesien word en geregistreer is as 'n Openbare Weldaadsorganisasie.

1.2.9 Die Algemene Sinode behoort in oorleg met die Algemene Steunspan Fondse en Bates 'n Ouditkomitee met eie reglement aan te wys.

1.3 AANBEVELINGS: STRUKTURERING

1.3.1 Die Algemene Sinode aanvaar die vertrekpunte soos uitgespel in pte 2.1 – 2.8 en versoek die Moderamen en die Bedryfspan om in die werksaamhede van die Algemene Sinode daaraan uitvoering te gee.

1.3.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Taakspan/Steunspan Regte op om die nodige redaksionele wysiginge in die Kerkorde en reglemente aan te bring ten einde aan die strukturele veranderinge uitdrukking te gee.

1.3.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Steunspan Fondse en Bates om 'n Reglement vir die Ouditkomitee van die Algemene Sinode saam te stel en vir tussentydse goedkeuring en implementering aan Moderamen voor te lê. Die volgende Algemene Sinode doen die finale goedkeuring.

1.4 WYSIGINGS AAN REGLEMENTE IN DIE LIG VAN BOGENOEMDE

Die volgende reglemente word geraak en voorgelê vir goedkeuring:

REGLEMENT 1 REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN

1. NAAM

Moderamen van die Algemene Sinode (ASM).

2. SAMESTELLING

2.1 Die Moderamen word soos volg saamgestel:

2.1.1 die lede van die Moderatuur wat tydens die Algemene Sinode verkies is;

2.1.2 vier addisionele lede met sekundi deur die Algemene Sinode verkies; en

2.1.3 een lid met sekundus uit elke sinode deur die sinode of sy gevolmagtigde genomineer en deur die Algemene Sinode verkies.

2.1.4 Die algemene sekretaris dien met adviserende stem in die Moderamen.

2.2 Die Moderamen se samestelling sluit in:

2.2.1 ten minste drie vroue waarvan

2.2.1.1 ten minste een vrou 'n gelegitimeerde moet wees; en

2.2.1.2 ten minste twee vroue nie-gelegitimeerdes moet wees.

2.3 Die Moderamen word verkies vir die termyn tot by die volgende gewone Algemene Sinode.

2.4 Moderatuurslede kan slegs twee volle termyne in dieselfde hoedanigheid dien.

2.5 Wanneer 'n vakature ten opsigte van 2.1.1 en 2.1.2 ontstaan, word die vakature by wyse van 'n verkiesing deur die Moderamen uit die afgevaardigdes na die vorige Algemene Sinode gevul, met inagneming van die vereistes onder 2.2 gestel.

2.6 Wanneer 'n vakature ten opsigte van 2.1.3 ontstaan, nomineer die betrokke sinode 'n ander lid en/of sekundus om by die eersvolgende vergadering van die Moderamen verkies te word.

2.7 'n Sinode kan voor die volgende Algemene Sinode 'n lid en/of sekundus onder 2.1.3 verkies, vervang deur 'n ander lid en/of sekundus te nomineer wat deur die Moderamen verkies word.

2.8 Die kantoor van die Algemene Sinode behartig die sekretariaat van die Moderamen.

2.9 Die moderator van die vorige Algemene Sinode tree op as voorsitter van die Moderamen met die assessor as ondervoorsitter. Die aktuaris van die Algemene Sinode dien as aktuaris van die Moderamen.

3. OPDRAG

3.1 Die Moderamen neem aanspreeklikheid vir leierskap en geestelike onderskeiding tussen sinodesittings met betrekking tot die sake wat met die taak van die Algemene Sinode (Artikel 43) ooreenkom en die opdragte wat die Algemene Sinode dienoooreenkomstig aan die Moderamen gee.

3.2 Die Moderamen

3.2.1 bestuur die strategiese prioritisering van die Algemene Sinode;

3.2.2 wys projekspanne aan indien dit nie tydens die Algemene Sinode in sitting geskied het nie;

3.2.3 koördineer en integreer tussen sinodesittings die werksaamhede van die Algemene Sinode op strategiese gebied aan die hand van Artikel 43;

3.2.4 hanteer tussentydse sake met verslag aan die Algemene Sinode;

3.2.5 tree op as die ledevergadering van die Algemene Sinode se mediamaatskappye;

3.2.6 belyn die werksaamhede van die kerklike maatskappye en ander regsenteite met die strategie en prioriteite van die Algemene Sinode;

3.2.7 adviseer die direksies van die mediamaatskappye rakende die aanstelling van die uitvoerende hoof en die aanstelling van die redakteur van die *Kerkbode*;

3.2.8 werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom kommunikasie en uitvoering van besluite, en

3.2.9 keur, wanneer die Algemene Sinode spesiale volmag daartoe gee, reglemente en reglementwysigings vir die werksaamhede van die Algemene Sinode goed;

3.2.10 wys, soos vakatures mag ontstaan, lede van die Ouditkomitee aan, wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is om dit te doen nie;

3.2.11 keur die begroting vir die werksaamhede van die Algemene Sinode op aanbeveling van die *Bedryfspan* goed, wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is om dit te doen nie; en

3.2.12 keur die jaarlikse geouditeerde finansiële state en die bestuursbrief goed, wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is om dit te doen nie.

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die Moderamen konstitueer by die verdaging van die Algemene Sinode.

4.2 Die Moderamen vergader minstens twee maal per jaar. Indien nodig, kan ook van die elektroniese vergaderingswyse gebruik gemaak word. Een van hierdie vergaderings is 'n uitgebreide vergadering met 'n maksimum van vyf bykomende lede uit elke sinode en op koste van die sinode.

5. MODERATUUR

5.1 Die Moderamen brei die verkose Moderatuur uit met ten minste twee lede waarvan ten minste een 'n vrou en een 'n nie-gelegitimeerde moet wees.

5.2 Die Moderatuur tree as interimliggaam op tussen vergaderings van die Moderamen met die oog op tussentydse werk met verslag aan die Moderamen.

REGLEMENT 2 REGLEMENT VIR DIE BEDRYFSPAN

1. NAAM

Bedryfspan van die Algemene Sinode (ASB).

2. SAMESTELLING

2.1 Die Bedryfspan word deur die Algemene Sinode saamgestel uit

2.1.1 twee senior personeellede van die kantoor van die Algemene Sinode;

2.1.2 twee lede van die Algemene Steunspan Fondse en Bates;

2.1.3 twee lede van die Algemene Steunspan Regte;

2.1.4 twee lede van die Steundiens Menslike Hulpbronne; en

2.1.5 die algemene sekretaris.

2.2 Die Bedryfspan koöpteer kundige lede soos nodig.

2.3 Die kantoor van die Algemene Sinode behartig die sekretariaat van die Bedryfspan.

2.4 Die Bedryfspan funksioneer onder voorsitterskap van die algemene sekretaris.

2.5 Die Bedryfspan kies 'n ondervoorsitter uit eie geledere.

3. OPDRAG

Die Bedryfspan se opdrag is:

3.1 die uitvoering van take/opdragte van die Algemene Sinode aan die Bedryfspan;

3.2 die operasionele bestuur en koördinerings van die bedryf en steundienste (administrasie, fondse en bates, regte, menslike hulpbronne en kommunikasie) van die Algemene Sinode;

3.3 die bedryfsondersteuning van die strategiese werksaamhede van die Moderamen;

3.4 die verlening van die dag-tot-dag bedryfsondersteuning aan die projekspanne van die Algemene Sinode;

3.5 die koördinerings van die werksaamhede van steundienste en steunspanne;

3.6 die aanwysing van die lede van die steunspanne waar dit nie tydens die Algemene Sinode in sitting geskied het nie;

3.7 die daarstel van 'n kantoor/kantore vir die werk van die Algemene Sinode;

3.8 die vasstel van die beleid vir die Algemene Sinode se bedryfsondersteuningsstelsel;

3.9 die finalisering van die begroting vir die werksaamhede van die Algemene Sinode in oorleg met die Steunspan Fondse en Bates;

3.10 die voorlegging van die begroting aan die Algemene Sinode vir goedkeuring of aan die Moderamen, wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is om dit te doen nie;

3.11 die aanstelling van personeel in die kantoor van die Algemene Sinode in ooreenstemming met die personeelbeleid, op aanbeveling van die Steundiens Menslike Hulpbronne en in oorleg met die Steunspan Fondse en Bates;

3.12 die goedkeuring van die diensooreenkomste van personeel in ooreenstemming met die personeelbeleid en op aanbeveling van die Steundiens Menslike Hulpbronne; en

3.13 die vasstelling van die jaarlikse registrasiefooi vir gelegitimeerdes met die oog op die behoud van bevoegdheid.

4. VERGADERINGS

4.1 Die Bedryfspan vergader minstens eenmaal per kwartaal.

4.2 Die Bedryfspan het nie 'n dagbestuur nie.

REGLEMENT 6 REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE STEUNSPAN FONDSE EN BATES

1. NAAM

Algemene Steunspan Fondse en Bates (**ASF**).

2. SAMESTELLING

2.1 Die Algemene Sinode/Bedryfspan wys vir elke termyn tussen sinodesittings 'n Algemene Steunspan Fondse en Bates aan.

2.2 Die Steunspan word saamgestel uit een lid per sinode met sekondus deur die sinode of sy gevolmagtigde genomineer.

2.3 Sinodes kan op eie koste 'n bykomende lid met adviserende stem aanwys.

2.4 Die algemene sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is *ex officio* lede van die Steunspan.

2.5 Die voorsitters van die komitees wat die Steunspan aanwys, woon die vergadering adviserend by.

2.5 Die Steunspan kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit eie geledere.

3. OPDRAG

Die Steunspan

3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word tov finansiële bestuur, bates en beleggings, eiendomme en audit;

3.2 stel jaarliks in oorleg met die Bedryfspan die begroting vir onderskeidelik die strategiese en operasionele werksaamhede van die Algemene Sinode op aan die hand van

3.2.1 Artikel 43 van die Kerkorde;

3.2.2 die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode;

3.2.3 die prioriteite deur die Algemene Sinode gestel;

3.2.4 die begrotings- en beleggingsbeleid van die Algemene Sinode; en

3.2.5 die beskikbaarheid van fondse daarvoor.

3.3 hou toesig oor die besteding van fondse ten opsigte van al die werksaamhede van die Algemene Sinode, waaronder die administratiewe en personeel- en kapitale uitgawes;

3.4 tree in gesprek met die Ouditkomitee soos nodig;

3.5 kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring voor;

3.6 lewer jaarliks insette aan die Steundiens Menslike Hulpbronne in verband met die riglyne vir die vergoedingspakket van bedienaars van die Woord;

3.7 beoordeel die finansiële implikasies by die vulling van vakatures in poste vir werknemers in algemene sinodale diens;

3.8 sien toe dat die Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse uitgevoer word ten opsigte van die Algemene Sinode, die afsonderlike regsenteite én trusts se fondse en bates;

3.9 tree op in alle regsdinge of dispute oor eiendom, goedere en fondse sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoeve van die Algemene Sinode na raadpleging van die Algemene Steunspan Regte;

3.10 stel in oorleg met die Algemene Steunspan Regte reglemente op vir ge-administreerde fondse en lê dit vir goedkeuring voor aan die Algemene Sinode of die Moderamen wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is nie;

3.11 wys sonder afstanddoening van aanspreeklikheid die nodige komitees aan om gedelegeerde werksaamhede te onderneem, waaronder 'n beleggingskomitee en eiendomskomitee;

3.12 wys elke twee jaar drie fidusiële verantwoordelike persone aan soos vereis vir die Algemene Sinode as Openbare Weldaadorganisasie; en

3.13 sien toe dat die jaarlikse opgawe van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) voorsien word soos deur die Belastingvrystellingseenheid van die SAID vereis.

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die Steunspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader ten minste twee keer per jaar op nie-elektroniese wyse.

4.2 Indien nodig, kan bykomend van die elektroniese vergaderingswyse gebruik gemaak word.

2. BESKRYWINGSPUNTE TOV DIE FREKWENSIE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende twee beskrywingspunte is na die Bestuurspan verwys aangesien dit verband hou met besluite van die Algemene Sinode wat voortvloei uit die verslag oor herstrukturering by die Algemene Sinode 2011:

1. FREKWENSIE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE (Beskrywingspunt B.16 Noordelike Sinode)

1.1 Die kern van die beskrywingspunt is 'n versoek dat die Algemene Sinode weer vergroot word tot 400 en elke vier jaar vergader.

1.2 Die motivering vir die versoek is dat die kerkverband al hoe minder inspraak kry, dat daar persepsies is oor sentrale beheer en bestuur asook leierskap wat nie gemeentes se kontekste in ag neem nie, dat die Algemene Sinode en Moderamen as manipulerend beleef word en verantwoordelikhede oorskry, dat die afvaardiging in die lig van bg nie gebalanseerd is nie, en dat gemeentes perspektief verloor oor die verband.

1.3 Vir die bevinding en aanbevelings vgl pte 3 en 4.

2. SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE (Beskrywingspunt B.26 Wes- en Suid-Kaapland)

2.1 Die kern van die beskrywingspunt is dat die Algemene Sinode weer vergroot word tot 400, elke 4 jaar vergader en ook op 'n goedkoper en eenvoudiger manier vergader.

2.2 Die motivering vir die versoek is dat terwyl dit gaan om 'n demokratiese stelsel waar getalle nie deurslag gee nie die persepsie daar is dat die belangrikste besluite deur 'n al kleinerwordende groep geneem word – die kerk word armer en geloofwaardigheid van besluite kan beïnvloed word. Dit is verder nie prakties om elke tweede jaar te vergader nie aangesien daar nie genoeg tyd vir voorbereiding is nie. Die huidige stelsel baat ook nie finansiëel nie en die Algemene Sinode moet goedkoper en eenvoudiger vergader.

3. BEVINDINGE

3.1 Die Bestuurspan het deeglik kennis geneem van die *persepsies* en die *gevolge* daarvan soos in die bekrywingspunte verwoord. Dit kan nie ignoreer word nie.

3.2 In die beskrywingspunte, en ook in talle ander gesprekke, kom die behoefte aan beter/ breër verteenwoordiging van die kerkverband na vore. Die Bestuurspan oordeel dat dit nie net ignoreer kan word nie. Die prinsipiële en praktiese vraag gaan wees hoe om dit gestalte te gee?

3.2.1 Met die huidige samestelling (gedeeltelik-proporsioneel en deur sinodes aangewys) is wegbeweeg van die reëling wat lank in gebruik was, naamlik dat sinodes gelyke verteenwoordiging het. Lidmaatgetalle is nou gedeeltelik die bepalende faktor – wat as samestellingsnorm tog bepaalde vrae oor “gelyke” verteenwoordiging oproep.

3.2.2 Indien die Algemene Sinode weer groter, en selfs baie groter, gemaak word met dieselfde samestellingsnorm as die huidige sou die vraag ook gevra word hoe “verteenvoordingend” dit is aangesien *sinodes* die afvaardiging aanwys? Die Algemene Sinode is egter 'n sinode van sinodes – vgl Kerkorde Artikels 36 en 37.

3.2.3 Miskien kan 'n middeweg gevind word in 'n gebruik wat by van die sinodes geld, naamlik om hulle afvaardiging na die Algemene Sinode gedeeltelik ringsgewys te doen. Die Algemene Sinode sou dan byvoorbeeld kan bestaan uit een persoon uit elkeen van die ringe (daar is 150 – en dan word die kerkverband vanaf ringsvlak verteenwoordig) plus 5 ander persone. Sinodes tref hulle eie reëlings hoe hulle die afvaardiging aanwys. Die beginsel van 'n gelyke aantal kerkraadslede en bedienaars van die Woord geld steeds. Met hierdie samestellingswyse bly die grootte van die Algemene Sinode hanteerbaar en is die kerkverband tot op die vlak van ringe verteenwoordig.

3.2.4 Dit sou ook goed wees indien die Moderamen jaarliks by een van sy vergaderings in uitgebreide vorm vergader met nog 5 lede uit elke sinode teenwoordig op koste van die sinodes. Kontensieuse sake kan by so 'n vergadering hanteer word.

3.3 Tov die frekwensie sê Kerkorde Art 42.1 dat die Algemene Sinode self bepaal wanneer die volgende Algemene Sinode vergader. Verder is dit tog belangrik dat die werk van die Algemene Sinode ook effektief sal wees: in die huidige agenda is daar sake wat gewoon nie nog twee jaar kon oorstaan nie. Indien die Moderamen dit hanteer het, sou die persepsies van sentrale beheer en geloofwaardigheid versterk gewees het. Die huidige twee jaar was juis effektief: daar is goeie werk gedoen wat die kerkverband op talle terreine op 'n goeie pad plaas.

3.4 Die Bestuurspan ondersteun die versoek vir goedkoper en eenvoudiger – maar dan moet almal daarby inkoop en met minder geriewe ter vergadering tevrede wees. En daar is baie maniere om baie goedkoper te vergader tov vergaderlokale (bv gemeentesentrums, sekere toegeruste kampterrein-konferensiesentrums, ens), verblyf (bv by lidmate, kampterrein, ens) en reis (busse, drie per motor, ens). Indien almal onderneem om op te offer, kan kostes *drasties* ingekort word.

3.5 Die Bestuurspan oordeel dat die persepsies tov die Moderamen, die leierskap, sentrale beheer, ens deeglik aangespreek word in die verslag oor Strukturering.

3.6 In die aanbevelings poog die Bestuurspan om kreatief te dink ten einde die beste vir 'n verteenwoordigende, effektiewe, plooibare en bekostigbare vergadering daar te stel.

4. AANBEVELINGS: FREKWENSIE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE


4.1 Die Algemene Sinode verseker die kerkverband dat die vergadering van die Algemene Sinode en die werk tussen vergaderings deur die Moderamen en ander taakspanne alleen gedoen word in uitvoering van Kerkorde Artikels 20, 21, 22.1, 42, 43 (taak en funksie) en 44-47.


4.2 Die Algemene Sinode bepaal die volgende vergadering in die lig van die omvang en dringendheid van opdragte.


4.3 Die Algemene Sinode versoek sinodes om by die aanwys van hulle afvaardigings na die Algemene Sinode verteenwoordiging te gee aan leierskap, kundigheid en ringsverteenvoording.

4.4 Die Moderamen vergader jaarliks by een van sy vergaderings in uitgebreide vorm met nog 5 lede uit elkeen van die sinodes op koste van die sinodes.

4.5 Die Algemene Sinode besluit om dit aan die Moderamen op te dra om die vergadering van die Algemene Sinode baie eenvoudiger en goedkoper in te rig.







A.12.4 BELYDENIS VAN BELHAR (AANVULLEND)

BELHAR 3

KOMMENTAAR OP ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

Artikel 1

- 1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
- 1.2 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die belydenisskrifte wat deur kerkvergaderinge, ampsdraers en lidmate onderskryf word.
- 1.3 Die Kerk bely:
 - 1.3.1 in verbondenheid met die vroeë kerk die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius.
 - 1.3.2 in verbondenheid met die kerk van die reformasie die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls.
 - 1.3.3 in verbondenheid met die kerk in die Suider-Afrikaanse konteks die Belydenis van Belhar.
- 1.4 Die Kerk aanvaar dat die onderskrywing van bykomende belydenisse naas die ekumeniese belydenisse en die drie Formuliere sonder dwang geskied.
- 1.5 Die Kerk aanvaar dat die taak van belydenisvorming nie afgehandel is nie en dat 'n beter verstaan van die Woord van God kan lei tot wysiginge aan die belydenisgrondslag van die Kerk.

1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is¹ gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare² Woord van God.

¹Die eerste sin van die bestaande Artikel 1 word met 'n enkele redaksionele wysiging behou. Die voorstel is dat "staan gegrond" vervang word met "is gegrond". Dit is net beter Afrikaans. Hierdie sin vorm reeds vanaf 1962 die inleidende sin by Artikel 1 en dit was nooit die bedoeling van die Algemene Sinode dat dit by moontlike belydeniswysiging weggelaat moet word nie.

²Die woord "onfeilbaar" het hier die betekenis van "waar en betroubaar" en kan dus ook weergegee word met "die Bybel as die ware en betroubare Woord van God." McKim in sy *Westminster dictionary of theological terms* noem dit die "belief that the Bible is completely trustworthy as a guide to salvation and the life of faith and will not fail to accomplish its purpose." Dit gaan dus nie oor die "foutloosheid" van die Bybel nie, maar oor die "integriteit" daarvan. Onderskeid word gemaak tussen "onfeilbaarheid" ("infallibility") en "foutloosheid" ("inerrancy"). Dit kan gesê word dat "onfeilbaarheid" meer die Nederlandse gereformeerde siening van die Bybel is sedert die reformasie van die 16de eeu, terwyl "foutloosheid" meer die Amerikaanse evangeliese siening van die Bybel is vanaf die begin van die 20ste eeu. In die belydenisgrondslag van die NG Kerk word die Bybel onomwonde geag en erken as die "Woord van God", en nie maar "woorde oor God" soos in sommige ander kringe gesê word nie.

1.2. Die leer³ wat die Kerk⁴ in ooreenstemming met die Woord van God bely⁵, word verwoord⁶ in die belydenisskrifte wat deur kerkvergaderinge, ampsdraers en lidmate⁷ onderskryf⁸ word.

³Die woord "leer" kom van die Griekse woord "*didachē*" wat "onderrig" (in ouer Afrikaans "leer") beteken. Die uitdrukking "leer van die Kerk" moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Daar word 'n onderskeid getref tussen die "bely van die kerk se leer" en die "bely van die gelowige(s) se geloof". Hier gaan dit oor eersgenoemde. Dit is ook die bewoording wat gekies is in die tweede sin van die bestaande Artikel 1. Uit Titus 1 vers 9 blyk dit dat "volgens die leer" ("*tou kata tēn didachēn*") reeds 'n opsigselfstaande begrip in die vroeë kerk geword het. Met die woorde "volgens die leer" is die inhoud van die toevertroude evangelie in bepaalde vorm saamgevat en gegiet (sien ook Romeine 6 vers 17, veral die woorde "*tupon didachēs*"). Ouderlinge moet vashou aan die betroubare Woord wat met die leer ooreenstem, sodat hulle in staat kan wees om deur gesonde onderrig aan te moedig en dié wat die betroubare woord en die gesonde leer opponeer, te weerlê of te korrigeer. Dit gaan dus om iets anders as die bely van die geloof van die individuele gelowige of die kollektiewe geloofsbelydenis van die saamgekomde gemeente of die saamgebinde kerk. Dit gaan nie om die belydenis van my/ons gewisse kennis van en vaste vertrouwe op God nie. Belydenis van geloof is 'n openlike *ja* vir God, vir wie Hy is en vir wat Hy aan ons oor Homself bekend gemaak het. Belydenis van die leer is 'n openlike *ja* vir dit wat aan ons in en deur die Woord oorgelewer is, maar daarna onder die werking van die Gees en die Woord steeds verder in leervorm uitgegiet, ingeklee, uitgedruk, gestalte gegee of saamgevat is. Die bely van die leer is 'n *ja vir* die betroubaarheid van die leerstuk. Die bely van die geloof is 'n *ja aan* die Getroue Leermeester.

⁴Die verwysing na "Kerk" met 'n hoofletter slaan telkens in dié Artikels op die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

⁵Bely beteken om iets erkennend in die teenwoordigheid van iemand anders te sê (sien die Latynse woord *confiteri* = *con+fateri* = saam te erken, waarvan die Engelse woorde “confess” = bely en “confession” = belydenis afgelei is).

⁶Belydenisse en belydenisskrifte bevat leerstellige sake wat op bondige en noukeurige wyse onder woorde gebring is. Die voorstel behels dat die woorde “staan uitgedruk” in die bestaande Artikel 1 vervang word met die woorde “word verwoord”. Laasgenoemde plaas die woorde van die belydenisse en die belydenisskrifte in die mond van diegene wat dit *vandag* steeds bely. Eersgenoemde slaan meer op die aanvanklike opskrifstelling daarvan en plaas die gebruik daarvan meer in die *verlede*.

⁷Die vraag moet beantwoord word *wie belydenisskrifte bely?* Dit is nie die abstrakte en onpersoonlike kerk of kerkverband nie, maar die aanwysbare, konkrete en persoonlike kerkvergaderinge, die ampsdraers en die lidmate van die Kerk.

⁸“Onderskryf” beteken om die belydenisse of belydenisskrifte amptelik by wyse van ’n besluit goed te keur of te aanvaar (in die geval van ’n kerkvergadering) of om persoonlike instemming deur plegtige ondertekening (predikante) daarmee te betuig. Dit kan ook geskied deur mondelinge beaming of openlike bevestiging (ouderlinge, diakens en lidmate). Hierdie formulering maak ruimte vir die besluit wat tydens die Algemene Sinode 2011 geneem is, dat die opneem van ’n bykomende belydenisskrif op so ’n wyse moet geskied dat dit nie sal impliseer dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie. Sonder onderskrywing kan daar geen verbintenis of binding wees nie, hetsy vir die kerkvergadering, hetsy vir die ampsdraer of lidmaat. Die vraag moet ook beantwoord word *wat onderskryf word?* Calvyn onderskei in sy Institusie (Boek IV, 1,12) tussen essensiële sake en middelmatige sake. Verskille oor laasgenoemde behoort nie die eenheid van die kerk in gedrang te bring nie. By die Sinode van Dordrecht (1618-19) is ’n onderskeid gemaak tussen die leer self en die teks waarmee hierdie leer verwoord is. Daarom ook die gekte frase “die leer soos vervat of begrepe in”. Die waarheid en krag van die *essentia doctrinae* moet dus aanvaar word, maar nie die *fraseologie* daarvan nie. Tydens die Franse Sinode van La Rochelle (1607) is gesê dat die belydenis alleen krag en gesag het in dit wat die belydenis bely. Dit het daartoe gelyk dat iemand soos G Voetius later betoog het dat “oneffenhede” in die *Confessio Belgica* (Nederlandse Geloofsbelijdenis), soos dat Paulus die Brief aan die Hebreërs geskryf het (Artikel 4), of dat Judas die sakrament van die Nagmaal ontvang het (Artikel 35) nie dieselfde krag en gesag het as wat die Artikels in geheel bely nie. WD Jonker het self daarop gewys dat daar ’n “sekere speelruimte” tussen saak en formulering is.

1.3. Die Kerk bely.⁹

⁹Wat nou volg, is die Nederduitse Gereformeerde Kerk se *corpus* (versameling) van belydenisse en belydenisskrifte. Onder “Kerk” word weereens verstaan die aanwysbare, konkrete en persoonlike kerkvergaderinge, die ampsdraers en die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die huidige *corpus* beslaan net die drie Formuliere van Eenheid. Dit word nou uitgebrei.

1.3.1 in verbondenheid¹⁰ met die vroeë kerk¹¹ die ekumeniese¹² belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelijdenis, die Geloofsbelijdenis van Nicea en die Geloofsbelijdenis van Athanasius.¹³

¹⁰Die woord “verbondenheid” is gekies bo die woord “assosiasie” (vir laasgenoemde sien die belydenisgrondslag van die Protestantse Kerk in Nederland). “Assosiasie” dui op ’n losser verhouding. “Verbondenheid” gee uitdrukking aan ’n hegte en vaste verbintenis (in Engels “connectedness” of “close connection”). Dit resoneer ook mooi met die Bybelse woord “verbond” wat op sy beurt die idee na vore bring dat dit hier om iets gaan waaraan iemand hom per ooreenkoms moet hou. Dit het ook die betekenis van “verbintenis deur opvolging” en bring die oorgelewerde leer met die hedendaagse gebruik daarvan in verband. Dit wil ook ’n bepaalde uitdrukking gee aan die eenheid en ekumenisiteit van die kerk.

¹¹Die verwysing na “kerk” met ’n kleinletter slaan telkens in dié Artikels op die kerk in die algemeen en het geen spesifieke denominasie of kerkgenootskap in gedagte nie. Die idee is allermens dat dit hier om al die kerke of geloofsgemeenskappe in die bepaalde kategorie gaan en daarom alle belydenisse en belydenisskrifte van daardie kategorie moet insluit. Uiteraard gaan dit om daardie kerke in ’n spesifieke tydperk van die kerkgeskiedenis wat die gesonde Bybelse leer aangehang het, dit in belydenisvorm laat verwoord het en dit volgens dié leer aan die kerk van die opvolgende geslagte oorgelewer het. Die tydperk van die vroeë Christelike kerk strek vanaf die tyd van die apostels tot rofweg die aanbreek van die Middeleeue, dus ongeveer die eerste 500 jaar ná Christus. In hierdie tyd het die drie “ekumeniese” of “algemene” belydenisse hulle beslag gekry.

¹²Die “ekumeniese” belydenisse kan ook genoem word die “algemene” belydenisse en het betrekking op die katolesiteit of universaliteit van die kerk en die Christelike geloof. Die woord “ekumenies” beteken “die hele bewoonde wêreld” en het in die Bybelse tyd hoofsaaklik op die bekende Grieks-Romeinse wêreld gedui. Die “algemene” of “ekumeniese” belydenisse word in baie Christelike kerke met uiteenlopende leerbeskouinge aanvaar, maar nie noodwendig “wêreldwyd” nie. Sommige geleerdes, waaronder CFA Borchardt, verkies om eerder na hierdie belydenisse as die “oud-Christelike” belydenisse te verwys. Die “ekumeniese” of

“algemene” belydenisse se oorsprong kan na die tydperk van die vroeë Christelike kerk teruggevoer word. Die titel *Symbolum Apostolicum* vir die Twaalf Artikels verskyn die eerste keer in ’n brief, waarskynlik deur die kerkvader Ambrosius geskryf, namens die Sinode van Milaan aan Pous Siricius in ongeveer 390 nC. Die *Apostolicum*, waarvan sommige artikels uit die tyd van die kerk in Rome kom, was toe nog nie so volledig as later nie. Die artikel “Skepper van hemel en aarde” is byvoorbeeld eers in die 7de eeu bygevoeg. Alhoewel die Geloofsbelijdenis van nie die naam dra van die plek in Klein-Asië waar in die jaar 325 die eerste ekumeniese konsilie gehou is, is dit die presiese belydenis wat hierdie kerkvergadering opgestel het nie. Dit het, soos ons dit vandag ken, later ontstaan en is uitgebrei op die tweede ekumeniese konsilie te Konstantinopel in 381 nC, terwyl nog later “en die Seun” (by die uitgaan van die Heilige Gees) daaraan toegevoeg is. Dit word daarom ook die *Niceno-Constantinopolitanum* genoem. Die Geloofsbelijdenis van Athanasius is nie deur iemand met hierdie naam opgestel nie, maar stam waarskynlik omstreeks 500 nC uit Spanje of Suid-Frankryk. Vir sover bekend is dit eers in die 13de eeu met die ander twee ekumeniese belydenisskrifte gelykgestel. Dit word ook die *Symbolum Quicumque* – na die eerste woorde – genoem. Die “ekumeniese” belydenisse is lankal deel van die NG Kerk se liturgie en lering, maar is nog nie, soos in ander gereformeerde kerke, formeel in die belydenisgrondslag van die Kerk opgeneem nie.

¹³Dit moet as ’n wins beskou word dat hierdie drie “algemene” of “ekumeniese” belydenisse (hulle word deur sommige belydenisskrifte genoem) nou in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem word, aangesien hulle tans nie deel daarvan is nie. Die *Apostolicum* of die Twaalf Artikels, waaraan lidmate hulle pertinent by belydenisaflegging én die doop verbind, hoort immers by die *corpus* van die NG Kerk se belydenisse en belydenisskrifte.

1.3.2 in verbondenheid met die kerk¹⁴ van die reformasie die drie Formuliere van Eenheid¹⁵, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelijdenis en die Dordtse Leerreëls.

¹⁴Weereens is die verwysing hier nie na ’n spesifieke kerk of kerklike groepering nie. Onder die “kerk van die reformasie” kan al die protestantse kerke, waaronder ook die Lutherse Kerk, ingesluit word. Die bedoeling is egter hier meer die gereformeerde kerke. Die NG Kerk het, wat sy ontstaan betref, ’n besondere verbondenheid met die Nederlandse kerk.

¹⁵Daar is na beraming onder net die gereformeerde kerke meer as sestig belydenisskrifte. Volgens WD Jonker is belydenisskrifte eie aan die Gereformeerde tradisie en het hierdie tipe geskrifte eers in die tyd van die Reformasie ontstaan. Daarom word die geskrifte wat voor die reformasie ontstaan het, in die nuwe Artikel 1 “belydenisse” genoem. Die geskrifte wat dan tydens of daarna ontstaan het, word in die nuwe Artikel 1 “belydenisskrifte” genoem. By die bekende Sinode van Dordrecht (ook genoem die Dordtse Sinode) van 1618-19 is die drie hoofsaaklik Nederlandse belydenisskrifte uitgesonder en tot die drie Formuliere van Eenheid gemaak, wat predikante van die kerk moes onderteken. Tydens die 162ste sitting, op 16 Mei 1619, het die Dordtse Sinode besluit op “een accurat formulier van onderteekeninghe der Confessie, Catechismi, ende Synodale verclaringhe waer mede alle kerckendienaren hare overeenstemminge in de rechtgevoelende leere claerlicke betuygen, ende uytvluchten van sommige, waermede zy de kercken pleghen te bedrieghen, voorcomen worden”. Met die ondertekening van hierdie formulier het die predikante plegtig verklaar én met hulle handtekening bevestig dat die belydenisskrifte van die destydse Nederlandse Gereformeerde Kerke in Nederland geestelike en kerkregtelike gesag dra en hulle innerlik bind. Die belydenisse ter sprake was die drie gereformeerde belydenisse wat deur dié Dordtse Sinode aanvaar is, naamlik die *Confessio Belgica* of Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die Leerreëls of *Canones* van Dordt.

1.3.3 in verbondenheid met die kerk¹⁶ in die Suider-Afrikaanse konteks die Belydenis van Belhar.¹⁷

¹⁶Alhoewel sommige dit só sal wil interpreteer, gaan dit nie hier om ’n enkele kerk, en by name die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA) wat die Belydenis van Belhar in sy belydenisgrondslag het nie. Wat die NG Kerk hiermee wil sê, is dat die NG Kerk óók ’n ware inheemse kerk van Suidelike Afrika wil wees. Van inheemse bekeerlinge uit Suidelike Afrika wat veral deur die NG Kerk se sendingwerk lidmate van die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie geword het, is telkens verwag om hulle in belydenis en leer te verbind aan die kerke wat hulle oorsprong tydens die reformasie in die Europese Nederlande gehad het. Wanneer die NG Kerk die Belydenis van Belhar, wat in Suidelike Afrika sy oorsprong het, in sy *corpus* van belydenisse en belydenisskrifte opneem, kom daar ’n hegte, vaste en duursame verbintenis tussen die NG Kerk en die inheemse Christelike geloofsgemeenskap van Suidelike Afrika tot stand. Hierdie gemeenskap word histories gekenmerk deur geskeidenheid, onversoendheid en onreg, maar die NG Kerk kies nou om die pad vorentoe met die kerklike gemeenskap in Suidelike Afrika te loop op grond van wat die Bybel die kerk leer oor eenheid, versoening en geregtigheid. Die NG Kerk kan nie afstand doen van sy Europese afkoms en tradisie nie. Die NG Kerk kom net volledig tuis in Afrika. Die woord “konteks” kan hier na sy Latynse oorsprong teruggeneem word, naamlik *con+textere* = saam te weef, saam te vleg. In die NG Kerk se *corpus* van belydenisse word, simbolies voorgestel, dus drie drade sáám geweeft of drie toue sáám gevleg. ’n Driedubbele tou breek nie maklik nie (Prediker 4 vers 12). Ons gereformeerde vaders het geglo dat hoe meer gereformeerde belydenisse onderskryf word, hoe nader word daar aan die waarheid van

die Woord beweeg. Calvyn wou hom selfs verbind tot die Augsburgse Konfessie van die Lutherane, al was die artikel oor die nagmaal vir hom nader aan Rome as aan die Reformasie. Dit is slegs die streng behoudende gereformeerde kerke wat 'n eksklusiewe benadering ten opsigte van die drie Formuliere van Eenheid of die Nederlandse belydenisskrifte volg, gewoonlik onder die nasate van die Nederlanders self. Die NG Kerk is egter deel van 'n kerklike tradisie wat 'n meer inklusiewe benadering daartoe behoort te volg.

¹⁷By die opneem van die Belydenis van Belhar in die NG Kerk se *corpus* van belydenisse en belydenisskrifte, word dieselfde kerkordelike status of stand daaraan gegee as aan al die ander gemelde belydenisse en belydenisskrifte. Die Belydenis van Belhar word ook, soos al die ander belydenisse en belydenisskrifte, op die *quia*-standpunt in die belydenisgrondslag van die NG Kerk ingesluit. Met *quia* word bedoel dat die *essentia doctrinae* in die teks vervat (maar nie die *fraseologie* nie), aanvaar en bely word “omdat” dit met die Woord van God ooreenstem (teenoor *quatenus* = “in soverre dat”). Daar word egter 'n *proviso* (voorbehoud, kwalifikasie) geplaas op die opneem van die Belydenis van Belhar in die belydenisgrondslag van die NG Kerk. Dit staan in die volgende Artikel (punt 1.4).

1.4. Die Kerk aanvaar¹⁸ dat die onderskrywing van bykomende belydenisse¹⁹ naas²⁰ die ekumeniese belydenisse en die drie Formuliere sonder dwang²¹ geskied.

¹⁸Die besluit van die Algemene Sinode 2011 om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te maak, is onderhewig aan die voorafgaande besluit dat dit opgeneem word op so 'n wyse dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate nie vanselfsprekend dit as belydenisskrif hoef te aanvaar nie. Hiervoor word nou voorsiening gemaak. “Aanvaar” beteken hier “in 'n toestand berus” of “genoeë neem met 'n toestand”. Daar word dus aanvaar dat daar ook kerkvergaderinge, ampsdraers en lidmate van die NG Kerk is en gaan wees wat nie die Belydenis van Belhar as bykomende belydenisskrif wil of gaan aanvaar nie. Tog is daar kerkvergaderinge, ampsdraers en lidmate wat dit uit oortuiging wil doen en moontlik reeds nie-amptelik gedoen het. Ruimte word dus na alle kante gemaak. Dit het ook by die kerkvergadering in Jerusalem gebeur, waarvan Handeling 15 ons vertel. Die besnydeniskwessie was vir die Jode in Jerusalem 'n belydeniskwessie wat ten alle koste gehandhaaf moes word en waaraan die lidmate uit die nie-Joodse gemeentes hulle moes onderwerp, só het hulle bely. Die nie-Jode het 'n ander belydenis daarvoor: die besnydenis kan op grond van die Woord nie afgewing word op bekeerlinge uit die heidendom nie. Die vergadering besluit om die nie-Jode van hierdie voorgeskrewe verpligting te onthef, wat tot gevolg gehad het dat gemeentes in veral Klein-Asië besnede Jode en onbesnede Grieke in hulle midde gehuisves het. Dit is dus nie onmoontlik en onkerkordelik om in één Kerk en selfs binne één gemeente lidmate met verskillende verbintenisse tot die oorgelewerde leer te hê nie. 'n Voorwaarde vir sodanige kerkordelike reëling is dat daar eenstemmigheid binne die kerk en/of binne die gemeente moet wees dat die *essentia doctrinae* wat met onderskeibare verbintenisse erken/bely word, wel in ooreenstemming met die Woord moet wees. Dit moet dus baie wyd binne die kerkverband van die NG Kerk aanvaar word dat die *essentia doctrinae* van die bykomende belydenis inderdaad met die Woord van God ooreenstem, alvorens sodanige belydenisskrif in die belydenisgrondslag van die Kerk opgeneem kan word. Maar die opname daarvan, beteken nie dat ook aanvaar moet word dat almal in die Kerk dit nou ook as belydenisskrif moet onderskryf nie. Daar mag verskil in mening wees of dit wat in 'n belydenisskrif vervat is, wel in 'n belydenisskrif met kerkregtelike status hoort en of dit nie op 'n ander wyse kerkregtelik geakkommodeer kan word nie (soos die geval was met die Barmen Verklaring van 1934).

¹⁹Die Belydenis van Belhar word hier geag 'n bykomende belydenis[skrif] te wees.

²⁰Die drie ekumeniese belydenisse en die drie Formuliere van Eenheid, dus die ses (6) “historiese” belydenisse en belydenisskrifte, word in die NG Kerk se *Kerkorde* tot die minimum gemaak waartoe alle lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge van die NG Kerk hulle moet verbind en waaraan hulle gebonde moet bly.

²¹Belydenisbinding kan net bestaan ten opsigte van die belydenisskrifte wat reeds sonder dwang onderskryf is. Regstegnies sal hier van “gevestigde regte” gepraat word. Artikel 32 van die *Confessio Belgica* of Nederlandse Geloofsbellydenis kan hier van toepassing gemaak word, in besonder die verwysing na gewetensdwang en die instelling en handhawing van 'n orde wat nie eendrag en eenheid bevorder nie. In kort kom dit daarop neer dat lidmate van die NG Kerk se vryheid van gewete in gedrang kan kom as kerkvergaderinge deur besluite lidmate dwing om sonder individuele en persoonlike instemming 'n bykomende belydenis te aanvaar. Indien besluitneming in dié verband ook nie die eenheid en eendrag in die NG Kerk dien nie, kan aangevoer word dat dit strydig met die gemelde Artikel 32 geskied en daarom nie aanvaar hoef te word nie. In die gereformeerde kerke word aanvaar dat binding aan die belydenis en binding aan die Woord van mekaar onderskei moet word. Selfs die *quia*-standpunt, naamlik dat die belydenis se *essentia doctrinae* in ooreenstemming met die Woord is, vereis nie die absolute en onvoorwaardelike binding aan die belydenis nie. Die belydenis kan nog altyd aan die Woord getoets word, indien vermoed word dat die belydenis van die Woord afwyk. Kerklike besluite en gevolglike voortspruitende kerkordelike bepalinge wat op die Bybel gegrond is, word as gebiedend geag, terwyl besluite wat die gang van die kerklike lewe reël en nie met die Woord in direkte verband staan nie, as minder afdwingbaar beskou moet word. Verder het al die kerke in die gereformeerde tradisie nie dieselfde belydenisskrifte nie. Dit maak nie

dat sommige van dié kerke in hulle kerkordelike funksionering minder of meer op die Woord gegrond is nie. Op ekumeniese gebied word kerklike eenheid nagestreef wat bokant konfessionele verdeeldheid uitstyg. Belydenisskrifte is nie 'n noodsaaklikheid vir kerkwees nie. Gemeentes en lidmate van ander kerke se verbondenheid met hulle eie verlede, wat nie noodwendig 'n gedeelde verlede is nie, word gerespekter. Een kerk kan nie 'n bykomende belydenisskrif waaroor beskik word aan 'n ander kerk opdwing nie. Aanvaarding geskied uit eie keuse. Binding aan die belydenis is nie iets wat met die besluit(e) van 'n kerkvergadering(e) kan gebeur nie. Dit veronderstel die daadwerklike aanvaarding van die belydenis as 'n eie en persoonlike belydenis wat uiterlik of simbolies bevestig kan word deur mondelinge beaming of skriftelike ondertekening. Aangesien die NG Kerk haar tans binne die ruimte van 'n neutrale staat bevind, sal die toepassing van die "reg op vryheid van gewete" ook in die sekulêre konteks beoordeel moet word. Dit is moontlik dat 'n lidmaat hom of haar op die burgerlike hof kan beroep met die oog op die afdwing van die reg op vryheid van gewete om nie 'n ander belydenisskrif as lidmaat of as ampsdraers van die Kerk te aanvaar nie. Daar is gedeeltes in die Bybel, in besonder in die Pauliniese geskrifte, waarin die vraag na diversiteit en vryheid van gewete aan die orde kom. Paulus gee in I Korintiërs 8 tot 10 riglyne oor wat geëet mag word en wat nie. Hy bemagtig die individuele gewete om self te besluit. Die gelowige se gewete word die basis gemaak van die geregtigheid voor God. In Romeine 2 vers 15 word die individu se gewete as getuie ingeroep wanneer die individu in 'n innerlike tweestryd deur sy gedagtes aangekla of vrygespreek word. Die vryheid in Christus wat elke gelowige geniet, dien ook as motivering vir persoonlike gewetensvryheid en verdraagsaamheid teenoor ander. Vir verdraagsaamheid word I Korintiërs 10 vers 33 meermale aangehaal: "Maak soos ek [Paulus]: ek probeer om almal in alles tegemoet te kom. Ek soek nie my eie belang nie maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word." Die Belydenis van Belhar verwoord self 'n teologiese standpunt teenoor dwang in die volgende: "... dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie." Kerklike belydenis is 'n gestalte van kerklike eenheid, en daarom is hierdie woorde by implikasie ook van toepassing op die aanvaarding van die Belydenis van Belhar self. In die Begeleidende Brief word genoem dat die Belydenis van Belhar geen daad van onverdraagsaamheid wil wees nie – dat die bede is dat die daad van belydenis versoenend en verenigend sal wees. Die afdwing van die Belydenis van Belhar op al die lidmate van die NG Kerk, sonder die uitdruklike persoonlike erkenning en aanvaarding daarvan deur lidmate, sal nie die ordelike kerklike weg wees nie. Ruimte moet geskep word vir lidmate, wat dit nie op grond van die Woord as belydenisskrif kan of wil aanvaar nie, om op grond van die vryheid van gewete en eie aanspreeklikheid binne die kerkverband te bly, sonder die amptelike of formele onderskrywing daarvan. Die onderskrywing van enige bykomende belydenis moet te alle tye ook die eenheid en eendrag in die NG Kerk dien.

1.5. Die Kerk aanvaar dat die taak van belydenisvorming nie afgehandel is nie en dat 'n beter verstaan van die Woord van God kan lei tot wysiginge aan die belydenisgrondslag van die Kerk.²²

²²Hierdie Artikel is 'n verwerking van die volgende wat die Algemene Sinode in 2011 besluit het: "Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte." 'n Belydenis bly lewend en aktueel. Nuwe belydenisse kan nog altyd tot die belydenisgrondslag van 'n kerk of kerke toegevoeg word. Wysinge kan ook aan die bestaande belydenisse aangebring word. Hiervoor moet daar egter aan die kerkordelike voorskrifte nougeset uitvoering gegee word en lidmate, saam met die betrokke kerkvergaderinge, moet daartoe hulle instemming betuig.

Ten slotte, belydenisskrifte is mensewerk en daarom ook onderworpe aan die feilbaarheid van die mens. JH Leith het daarom geskryf: "Man's apprehension of the Word of God is never ultimate and final, for every man's theology is limited by his finiteness and his sin. The Church has the task not simply of the reformation of the world but also of the reformation of itself. Every human achievement in creed as well as elsewhere must be continually reformed by the Christian community's apprehension of the Word of God in Jesus Christ."

J H ERNST (DR)
AKTUARIUS ALGEMENE SINODE

A.14 REGTE (AANVULLEND)

1. HERSIENING VAN DIE KERKORDE

1.1 AANBEVELINGS: HERSIENING VAN DIE KERKORDE

Die Algemene Sinode keur die volgende kerkordewysiginge goed (die wysigings is deurgehaal/onderstreep waar van toepassing):

1.1.1 Artikel 7

~~7.1 'n Bedienaar van die Woord vir 'n plaaslike gemeente word deur die kerkraad van die gemeente met goedkeuring van die gemeente en die ring, beroep. Voordat die beroepsbrief afgestuur word, moet~~

~~7.1.1 die goedkeuring van die gemeente deur afkondiging verkry word;~~

~~7.1.2 die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is. Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie ongeldig verklaar.~~

~~7.1.3 besware teen 'n beroep of beroepene by die betrokke ring of ringskommissie ingedien word wat dit volgens die bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer.~~

~~7.2 Bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband (ring, sinode of Algemene Sinode [vir bevoegdheid vergelyk die *Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord, Proponente en Emeriti*, punte 2.3.1 en 2.3.2]) word deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie beroep. Voordat die beroepsbrief afgestuur word, moet~~

~~7.2.1 die goedkeuring van die kerkverband verkry word deur bekendmaking van die beroep in die Kerkbode en~~

~~7.2.2 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is. Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde na die kerkvergadering terugverwys vir regstelling, of, indien nodig, word die beroep ongeldig verklaar.~~

~~7.3 Die beroepsvergadering stel die beroepsbrief op.~~

~~7.3.1 'n Lid van die ringskommissie, wat nie lid van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad.~~

~~7.3.2 In gevalle van beroepe deur die kerkverband, word die advies deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde gegee.~~

~~7.4 Die beroepsbrief is die diensaanbod wat aan die hand van Artikel 9 van die *Kerkorde* die diensopdrag en na aanleiding van Artikel 13 van die *Kerkorde* die diensvoordele van die beroepene omskryf. In gevalle van beroepe deur die kerkverband, word die nodige aanpassings gemaak ten opsigte van die diensopdrag en diensvoordele.~~

~~7.5 Binne die raamwerk van die *Kerkorde* en die sinodale besluite van toepassing is die bepalinge van die beroepsbrief onderhandelbaar by oorweging van die beroep⁶.~~

~~7.6 Na oorweging van die bepalinge van die beroepsbrief en enige onderhandelinge daaromtrent, word die diensooreenkoms waarvolgens die bedienaar van die Woord in diens van die gemeente of die kerkverband gaan tree, finaal opgestel.~~

~~7.7 Die finale diensooreenkoms met 'n gemeenteleraar word deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie en in geval van 'n bedienaar van die Woord in diens van die kerkverband deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde goedgekeur. Hierna word die finale ooreenkoms deur beide partye onderteken en kan die bevestiging plaasvind met inagneming van die ander vereistes vir bevestiging (vergelyk Artikel 8 van die *Kerkorde*).~~

~~7.8 Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde kommissie in die geval van 'n gemeenteleraar, en die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde in die geval van 'n leraar in diens van die kerkverband.~~

1.1.2 Artikel 8

~~8.1 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord in 'n gemeente geskied nadat:~~

~~8.1.1 die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;~~

~~8.1.2. die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.~~

~~8.1.3 In die geval van 'n bedienaar van die Woord in 'n kerklike betrekking word die volgende aan die ring of sy gevolmagtigde kommissie voorgele en by die beroepende kerkraad ingedien:~~

~~8.1.3.1 'n akte van demissie uit die vorige werkkring.~~

~~8.1.4 In die geval van bedienaar van die Woord in 'n nie-kerklike betrekking word die volgende aan die ring of sy gevolmagtigde kommissie voorgele en by die beroepende kerkraad ingedien:~~

~~8.1.4.1 'n getuigskrif van eervolle ontslag; en~~

~~8.1.4.2 'n attestaat uit die vorige gemeente.~~

~~8.1.5 In die geval van proponente:~~

~~8.1.5.1 moet die akte van legitimasie getoon word;~~

8.1.5.2 moet 'n attestaat by die beroepende kerkraad ingelewer word; en
8.1.5.3 geskied die bevestiging met oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.
8.2 Die bevestiging in diens van die kerkverband vind plaas nadat:
8.2.1 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;
8.2.2 al die verlangde stukke getoon en/of ingedien is (vergelyk Artikel 8.1 van die *Kerkorde*); en
8.2.3 die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.
8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering in wie se diens die bedienaar van die Woord/proponent is om onverwyld kennis aan die Algemene Bevoegdheidsraad te gee van enige verandering wat mag intree ten opsigte van standplaas en/of bevoegdheid.

Artikel 8

8.1 'n Bedienaar van die Woord word vir diens aan 'n gemeente beroep deur die kerkraad van die gemeente met approbasie deur die gemeente en goedkeuring deur die ring.
8.2 'n Bedienaar van die Woord word vir diens aan die kerkverband deur 'n kerkvergadering of sy gevolmagtigde benoem met approbasie deur die kerkverband en goedkeuring deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.
8.3 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord vir diens aan 'n gemeente geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die ring of sy gevolmagtigde.
8.4 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord vir diens aan die kerkverband geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.
8.5 Die bevestiging van 'n proponent geskied met handoplegging.
8.6 'n Bedienaar van die Woord wat 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem het of 'n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, ontvang 'n akte van demissie van die kerkvergadering in wie se diens gestaan is.
8.7 'n Bedienaar van die Woord wat emeriteer, ontvang 'n akte van emeritaat.

1.1.3 Artikel 12

12.1 Die bedienaar van die Woord word vir die uitvoering van die amp of bediening deur 'n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) ~~beroep en~~ in diens gestel.

1.1.4 Artikel 65.2

65.2 Oor leerstellige sake (vergelyk Artikel 44.4) en oor die beëindiging van bevoegdheid (vergelyk Artikel 6) kan tot by die Algemene Sinode geappelleer word (~~vergelyk Artikel 44.4 van die *Kerkorde*~~).

1.2 AANBEVELINGS: HERSIENING VAN DIE REGLEMENTE

Die Algemene Sinode keur die volgende reglementswysiginge/ reglemente goed (die wysigings is deurgehaal/onderstreep waar van toepassing):

1.2.1 REGLEMENT VIR DIE BEROEP, BEVESTIGING, DEMISSIE EN EMERITAAT VAN BEDIENAAR VAN DIE WOORD (NUWE REGLEMENT)

1. ALGEMEEN

1.1 'n Bedienaar van die Woord word beroep vir diens aan die gemeente of benoem vir diens aan die kerkverband (vergelyk Artikel 8.1 en 8.2 van die *Kerkorde*).
1.2 'n Bedienaar van die Woord kan beroep, bevestig en uitgestuur word vir die gemeente se sending-/getuienisaksie of vir sending-/getuienisdienste saam met ander kerke of sendingorganisasies (vergelyk 2.5.1.2 en 2.8 van die Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk).
1.3 Gelegitimeerdes van die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie kan in die NG Kerk beroep en bevestig word, op voorwaarde dat
1.3.1 die beroepene aan die vereistes van die NG Kerk vir opleiding en legitimasie voldoen (vergelyk *Funksionele Besluit 5*), of
1.3.2 die Algemene Taakspan op aanbeveling van die ring goedgekeur het dat die beroepene met beperkte opdrag bevestig kan word (vergelyk *Funksionele Besluit 7*).
1.4 Gelegitimeerdes van ander gereformeerde kerke met wie die NG Kerk in terme van 'n bilaterale ooreenkoms in volle verhouding staan, kan met inagneming van spesifieke vereistes wat die NG Kerk stel, in die NG Kerk beroep en bevestig word (vergelyk 4.3.1 en 4.7.1 van die Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe).
1.5 Die bepalings van hierdie reglement is van toepassing by die beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van bedienaars van die Woord in voltyds-onbepaalde, tentmaker- en vaste termynposte.

2. BEROEPING VIR DIENS AAN GEMEENTE

2.1 Die kerkraad van die gemeente beroep 'n bedienaar van die Woord vir diens aan die gemeente en kry daarvoor die goedkeuring (approbasie) van die lidmate van die gemeente en die ring.
2.2 Voordat die beroepsbrief afgestuur word, moet
2.2.1 die goedkeuring van die gemeente deur afkondiging verkry word; en

2.2.2 die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is.

2.2.3 Besware teen 'n beroep of beroepene word by die betrokke ring of ringskommissie ingedien, wat dit volgens die bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer (sien ook 8. hieronder).

2.2.4 Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie ongeldig verklaar.

3. BENOEMING VIR DIENS AAN KERKVERBAND

3.1 Die ring, sinode of Algemene Sinode se gevolmagtigde benoem 'n bedienaar van die Woord vir diens aan die kerkverband en kry daarvoor die goedkeuring (approbasie) van die kerkverband.

3.2 Voordat die benoemingsbrief afgestuur word, moet

3.2.1 die goedkeuring van die kerkverband deur bekendmaking van die benoeming in die Kerkbode verkry word; en

3.2.2 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissee of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die benoeming voldoen is.

3.2.3 Besware teen 'n benoeming of benoemde word by die betrokke sinode of sinodale kommissie ingedien, wat dit volgens die bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer.

4. PROSEDURE BY BEROEPING

4.1 Die kerkraad bepaal die posvereistes kan die pos in die Kerkbode bekend stel.

4.2 Die kerkraad stel 'n groslys op een of meer van die volgende wyse saam:

4.2.1 lede van die kerkraad kan tydens die beroepsvergadering name op die groslys plaas; en/of

4.2.2 die ringskommissie en/of die Algemene Bevoegdheidsraad kan deur die kerkraad versoek word om vooraf name op die groslys te plaas; en/of

4.2.3 die lidmate van die gemeente kan versoek om by die skriba van die kerkraad name in te gee vir vooraf plasing op die groslys; en/of

4.2.4 die naam van die beroepende gemeente en die datum van die beroepsvergadering kan onder amptelike berigte in die Kerkbode geplaas word en gelegitimeerdes kan sodoende versoek word om hulle name tesame met 'n *curriculum vitae* aan die skriba van die kerkraad te stuur vir vooraf plasing op die groslys.

4.3 Die kerkraad van die beroepende gemeente kan aan gelegitimeerdes wie se name vooraf op die groslys geplaas is, 'n vraelys stuur waarin bedieningsgerigte vrae gestel word.

4.4 Die kerkraad kan 'n *curriculum vitae* aanvra van enige persoon wie se naam vooraf op die groslys geplaas is.

4.5 Vertroulikheid word gehandhaaf ten opsigte van die persoonlike inligting van diegene wie se name op die groslys geplaas is.

4.6 Indien die kerkraad van 'n pre-advieskommissie gebruik maak, word die name met die beskikbare inligting aan die kommissie voorgelê.

4.6.1 Die pre-advieskommissie bepaal aan die hand van die posvereistes wie die geskikte persone vir die pos is.

4.6.2 Die pre-advieskommissie lê die name van minstens drie geskikte persone in alfabetiese volgorde aan die kerkraad voor, tesame met al die ander name op die groslys.

4.6.3 Die pre-advieskommissie kan inligting oor persone wie se name op die groslys is, sonder beïnvloeding aan die kerkraad voorsien.

4.7 Op versoek van die kerkraad en met opgaaf van rede(s), kan die ring of sy gevolmagtigde kommissie goedkeuring verleen dat minder as drie (3) name op die groslys geplaas word.

4.8 Die beroeping vind op geslote stemwyse plaas en wel soos volg:

4.8.1 Die aanwesige kerkraadslede moet 'n kworum wees.

4.8.2 Elke lid van die vergadering moet stem.

4.8.3 Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon (waaronder die verteenwoordiger van die ring en die lede van die pre-advieskommissie wat nie kerkraadslede is), kan aan die bespreking deelneem, maar mag nie stem nie.

4.8.4 Die persoon op wie die meeste stemme verenig word, is verkies indien die getal stemme op die persoon uitgebring die volstreekte meerderheid van die aanwesige stemgeregtigdes uitmaak.

4.8.5 Indien 'n persoon nie 'n volstreekte meerderheid van stemme kry nie, vind daar 'n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstreekte meerderheid vorm.

4.8.6 Indien daar 'n staking van stemme is wat nie deur verdere stemming opgelos kan word nie, geskied die beslissing deur die lot.

4.9 In gevalle waar die benoeming deur die kerkverband geskied, sien die kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereistes van hierdie gedeelte van die reglement voldoen word.

5. BEROEPSBRIEF

5.1 Die kerkraad stel die beroepsbrief op.

5.2 'n Verteenwoordiger van die ring, wat nie lidmaat van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad in die opstel van die beroepsbrief.

5.3 In die geval van benoeming deur die kerkverband, word die advies deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie gegee.

5.4 Die beroepsbrief is die diensaanbod wat aan die hand van Artikel 9 van die *Kerkorde* die diensopdrag en in terme van Artikel 13 van die *Kerkorde* die diensvoordele van die beroepene omskryf.

5.5 In gevalle van benoeming deur die kerkverband, word die nodige aanpassings gemaak ten opsigte van die diensopdrag en diensvoordele.

5.6 Onderhandeling rakende beskikbaarheid vir die pos en enige diensvoorwaardes, kan slegs plaasvind nadat die beroep uitgebring is.

6. KENNISGEWING VAN BEROEP

6.1 Die voorsitter van die kerkraadsvergadering gee dadelik aan die gelegitimeerde wat beroep is, kennis van die beroep wat uitgebring is.

6.2 Die Kerkbode word onverwyld deur die skriba in kennis gestel van die uitbring van die beroep (later ook van die aanneming of bedanking daarvan).

7. GOEDKEURING VAN BEROEP

7.1 Waar 'n bedienaar van die Woord beroep word, word die naam van die beroepene op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente vir goedkeuring (approbasie) deur die gemeente bekendgemaak.

7.2 So gou doenlik na die laaste bekendmaking van die beroep en nadat die tyd vir besware verby is, lê die voorsitter van die kerkraad die betrokke stukke aan die skriba van die ring of sy gevolmagtigde kommissie voor.

7.3 Die ring of sy gevolmagtigde kommissie kontroleer of daar aan die volgende kerkordelike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is:

7.3.1 skriftelike bevestiging van die Algemene Bevoegdheidsraad dat die beroepene na 'n gemeente van die Kerk beroepbaar is;

7.3.2 skriftelike bevestiging van die gemeente waarin die beroepene is, dat hy/sy lidmaat is;

7.3.3 skriftelike bevestiging van die verteenwoordiger van die ring tydens die beroepsvergadering dat die korrekte kerkordelike prosedures gevolg is met die uitbring van die beroep;

7.3.4 die voltooide beroepsbrief behoorlik onderteken is deur die gevolmagtigdes van die kerkraad;

7.3.5 skriftelike bevestiging van die ring onder wie se opsig die beroepene staan, dat daar geen tug en/of dissiplinêre ondersoek teen die beroepene hangende is nie en/of dat die persoon beroepbaar is; en

7.3.6 bevestiging deur die beroepende vergadering dat geen wettige beswaar teen die beroep uitgebring is nie.

7.4 Waar 'n benoeming deur die kerkverband gemaak word (vergelyk Artikel 8.2 van die *Kerkorde*), verkry die vergadering wat die benoeming maak die goedkeuring van die kerkverband deur bekendmaking van die benoeming in die Kerkbode en word die stukke genoem in 7.3.1 tot 7.3.6 aan die sinodale regs-/kerkordekommissie voorgelê vir goedkeuring.

7.5 Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie, of die benoeming deur die sinodale regs-/kerkordekommissie, ongeldig verklaar.

7.6 Sodra die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie of die benoeming deur die sinodale regs-/kerkordekommissie goedgekeur is, word die beroepsbrief of benoemingsbrief aan die beroepene of benoemde gestuur vir oorweging van die beroep of benoeming.

7.7 Die beroepene het na ontvangs van die beroepsbrief 'n maksimum van veertien (14) dae om die beroep te aanvaar of te bedank, tensy uitstel daartoe deur die kerkraad verleen word.

8. BESWARE TEEN BEROEP

8.1 Enige ongesensureerde belydende lidmaat van die beroepende gemeente, het die reg om tot 24 uur na die tweede afkondiging van die beroep, skriftelike beswaar met opgawe van rede(s) by die kerkraad in te dien.

8.2 Besware mag slegs gegrond wees op bepaalde klagtes teen die leer of lewe van die beroepene, of op grond van klagtes insake onreëlmatigheid in verband met die uitbring van die beroep.

8.3 Besware teen die beroep ingebring, word soos volg hanteer:

8.3.1 Die besware word by die skriba van die kerkraad ingedien, wat die voorsitter versoek om spoedeisend die kerkraad byeen te roep om die besware in behandeling te neem.

8.3.2 Indien die besware handel oor onreëlmatighede gedurende die beroepingsproses, verwys die kerkraad dit na die ringskommissie vir beslissing.

8.3.3 Indien die besware handel oor die leer of lewe van die beroepene, doen die kerkraad navraag daaroor by die ring onder wie se opsig die beroepene staan.

8.3.4 Indien die besware ongegrond is, word voortgegaan met die beroep.

8.3.5 Indien dit blyk dat die besware gegrond is, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie ongeldig verklaar.

8.3.6 Indien die ring die beroep ongeldig verklaar, gee die kerkraad aan die beroepene daarvan kennis met opgawe van rede(s) en kan 'n ander beroep uitgebring word.

9. DIENSOOREENKOMS

9.1 Na oorweging van die bepalings van die beroepsbrief en enige onderhandelinge daaromtrent, word die diensooreenkoms waarvolgens die bedienaar van die Woord in diens van die gemeente of die kerkverband gaan tree, finaal opgestel.

9.2 Die diensooreenkoms bevat inhoudelik die volgende:

9.2.1 Identifikasie van die partye.

9.2.2 Aanhef.

9.2.3 Diensoms krywing: Algemene diensverpligtinge (sien Artikel 9 van die *Kerkorde*) met gepaardgaande spesifieke verwagtinge.

9.2.4 Vergoeding en byvoordele (sien Artikel 13 van die *Kerkorde*).

9.2.5 Die wedersydse erkenning deur die partye dat hulle geskrewe ooreenkoms onderhewig is aan die bepalinge van die *Kerkorde* en die besluite van die Algemene Sinode en die betrokke sinode soos van tyd tot tyd gewysig.

9.2.6 Aanvangsdatum:

9.2.6.1 In die geval van bedienaars van die Woord in diens van gemeentes of in diens van die kerkverband, die datum van demissie uit die vorige gemeente of werkring.

9.2.6.2 In ander gevalle waar 'n beroep aanvaar is, is die aanvangsdatum die datum van bevestiging of 'n datum van indienstreding soos ooreengekom.

9.2.7 'n Verklaring deur die beroepene dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen hom/haar is nie en dat hy/sy aan die plegtige legitimasie-verklaring getrou sal bly.

9.2.8 Die partye se handtekeninge met getuies en datum van ondertekening as aanvaarding dat 'n diensooreenkoms tussen die partye tot stand kom.

9.3 Die finale diensooreenkoms van 'n bedienaar van die Woord in diens van 'n gemeente word deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie en in geval van 'n bedienaar van die Woord in diens van die kerkverband deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie goedgekeur. Hierna word die finale ooreenkoms deur beide partye onderteken en kan die bevestiging plaasvind met inagneming van die ander vereistes vir bevestiging.

9.4 Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde kommissie in die geval van 'n bedienaar van die Woord in diens van 'n gemeente, of die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie in die geval van 'n bedienaar van die Woord in diens van die kerkverband.

10. BEVESTIGING

10.1 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord vir diens aan 'n gemeente geskied nadat:

10.1.1 die beroepende kerkraad die volgende stukke by die ring of sy gevolmagtigde kommissie ingedien het:

10.1.1.1 'n afskrif van die getekende dienskontrak;

10.1.1.2 'n afskrif van die beroepene se akte van demissie uit die vorige werkring óf 'n getuigskrif van eervolle ontslag in die geval van diens aan 'n instansie buite die kerkverband óf die akte van legitimasie in die geval van 'n proponent wat beroep is;

10.1.1.3 'n afskrif van die beroepene se attestaat van die vorige gemeente wat by die beroepende gemeente ingedien is; en

10.1.1.4 'n skriftelike bevestiging van die pensioenkantoor dat die beroepene se pensioen in orde is.

10.1.2 die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig het dat aan die kerkordelik vereistes (sien 10.1.1) voldoen is.

10.2 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord in diens aan die kerkverband geskied nadat:

10.2.1 die kerkvergadering wat die benoeming gemaak het of sy gevolmagtigde kommissie die volgende stukke by die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie ingedien het:

10.2.1.1 'n afskrif van die getekende dienskontrak;

10.2.1.2 'n afskrif van die benoemde se akte van demissie uit die vorige werkring óf 'n getuigskrif van eervolle ontslag in die geval van diens aan 'n instansie buite die kerkverband óf die akte van legitimasie in die geval van 'n proponent wat beroep is;

10.2.1.3 'n afskrif, indien van toepassing, van die benoemde se attestaat, uitgereik deur die vorige gemeente en ingedien by 'n (ander) gemeente van die NG Kerk; en

10.2.1.4 'n skriftelike bewys van die pensioenkantoor dat die benoemde se pensioen in orde is.

10.2.2 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie skriftelik bevestig het dat aan die kerkordelik vereistes (sien 10.2.1) voldoen is.

10.3 Die skriba van die beroepende vergadering of die kerkvergadering wat die benoeming gemaak het, rig 'n uitnodiging aan al die bedienaars van die Woord in diens van die ringsgemeentes of in diens van die breër kerkverband om die bevestiging by te woon.

10.4 Die bevestiging in 'n gemeente geskied deur 'n bedienaar van Woord in diens van die gemeente, of die konsulent of 'n ander bedienaar van die Woord met bevoegdheid in die NG Kerk deur die konsulent daartoe versoek.

10.5 Die bevestiging in die kerkverband geskied deur 'n bedienaar van die Woord met bevoegdheid in die NG Kerk deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde daartoe aangewys.

10.6 Die bevestiging van 'n proponent geskied met oplegging van hande waarmee die bevoegdheid van bedienaar van die Woord verkry word.

10.7 Die bevestiging vind so spoedig moontlik plaas nadat aan die kerkordelike vereistes voldoen is.

10.9 Die kerkraad of ander kerkvergadering stel die betrokke ring, die sinodale kantoor, die Algemene Bevoegdheidsraad en die Kerkbode onverwyld in kennis van die bevestiging, met vermelding van:

10.9.1 die basiese biografiese besonderhede van die persoon wat bevestig is;

10.9.2 die vorige gemeente/werkkring;

10.9.3 die datum waarop die bevestiging plaasgevind het;

10.9.4 die gemeente waarin die persoon bevestig is;

10.9.5 die naam van die persoon wat die bevestiging waargeneem het;

10.9.6 die moontlike verandering in bevoegdheid wat plaasgevind het.

10.10 In die geval van 'n proponent of 'n bevoegde bedienaar uit 'n ander gereformeerde kerk wat bevestig is, word:

10.10.1 die betrokke sinodale kantoor versoek om aansoek te doen om die aanstelling as huweliksbevestiger; en

10.10.2 die aktuaris van die sinode versoek om 'n akte van bevestiging uit te reik.

11. DEMISSIE

11.1 'n Bedienaar van die Woord wat 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem het of 'n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, stel die kerkraad of ander kerkvergadering skriftelik daarvan in kennis.

11.2 Die betrokke kerkvergadering in wie se diens die bedienaar van die Woord gestaan het, maak die bedienaar van die Woord op vererende wyse los van die gemeente of ander werkkring deur die uitreiking van die akte van demissie.

11.3 Die akte van demissie word onderteken deur die voorsitter en skriba van die betrokke kerkvergadering.

11.4 Die verlening van demissie geskied tydens 'n vergadering of erediens deur die voorsitter of ander lid van die betrokke kerkvergadering.

11.5 Demissie word verleen nadat:

11.5.1 die beroeps- of benoemingsbrief én die getekende nuwe diensooreenkoms aan die ring of sy gevolmagtigde/betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie voorgelê is; en

11.5.2 die ring of sy gevolmagtigde/betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie skriftelike bevestiging ontvang het dat alle uitstaande verpligtinge teenoor die bedienaar van die Woord met betrekking tot vergoeding, verlof en ander diensvoordele nagekom is.

11.6 Die akte van demissie uitgereik deur 'n kerkraad, dien ook as attestaat vir oorplasing van lidmaatskap na die volgende gemeente.

11.7 'n Bedienaar van die Woord wat uit diens van die gemeente of die kerkverband bedank, of weens tug-en/of dissiplinêre handeling uit diens van die gemeente of uit diens van die kerkverband ontslaan is (sien Artikel 64.5.4 van die Kerkorde), ontvang by diensbeëindiging 'n dienssertifikaat.

12. EMERITAAT

12.1 Bedienaars van die Woord in diens van gemeentes of die kerkverband, moet by bereiking van ouderdom vyf-en-sestig (65) emeriteer.

12.2 Geen bedienaar van die Woord kan na emeritering in 'n voltyds-onbepaalde pos in diens wees nie (sien Reglement vir Vaste Termynpos vir diens as emeritus tussen ouderdom 65 en 70).

12.3 Die ring, onder wie se opsig 'n bedienaar van die Woord by emeritering staan, reik aan die bedienaar van die Woord by emeritering die akte van emeritaat uit.

12.4 Die akte van emeritaat word onderteken deur die voorsitter en skriba van die ring.

12.5 Die skriba van die ring stel die betrokke sinodale kantoor, die pensioenkantoor, die Algemene Bevoegdheidsraad én die Kerkbode van die emeritering in kennis.

12.6 Die akte van emeritaat kan tydens 'n vergadering of erediens namens die ring oorhandig word.

1.2.2 REGLEMENT VIR VOLTYDS-ONBEPAAALDE POSTE (NUWE REGLEMENT)

1. AARD

1.1 'n Voltyds-onbepaalde pos vir 'n bedienaar van die Woord is 'n voltydse pos met 'n onbepaalde termyn.

1.2 'n Bedienaar van die Woord in 'n voltyds-onbepaalde pos:

1.2.1 verrig die ampspligte van Artikel 9 van die Kerkorde in 'n gemeente soos in die diensooreenkoms vervat;

1.2.2 verrig die pligte in die kerkverband soos in die diensooreenkoms vervat;

1.2.3 ontvang sy/haar volle lewensonderhoud van die gemeente of die kerkverband;

1.2.4 mag nie buite die kerkverband deeltydse diens aan 'n ander werkgewer lewer nie.

2. SKEP VAN POS

2.1 Vanaf die stigting tot die ontbinding van 'n gemeente beskik die gemeente oor 'n pos vir bedienaar van die Woord wat of voltyds of deeltydse vir 'n onbepaalde of bepaalde termyn gevul word.

2.2 Die vulling van die pos vir bedienaar van die Woord in die gemeente kan met die goedkeuring van die ring vir 'n tyd opgeskort word, terwyl die kerkraad met die hulp van die ring na ander wyses kyk waarop die gemeente bedien kan word (kombinerings, eenwording of samesmelting).

2.3 Die beroeping van 'n bedienaar van die Woord vir die vulling van 'n voltyds-onbepaalde pos in die gemeente, kan alleen geskied nadat die kerkraad die ring of sy gevolmagtigde oortuig het van die finansiële volhoubaarheid van die pos en die ring of sy gevolmagtigde daartoe goedkeuring verleen het.

2.4 Die ring of sy gevolmagtigde se goedkeuring word ook verlang by die vulling van 'n voltyds-onbepaalde pos by meerdere bediening in die gemeente.

2.5 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms.

2.6 Vergoeding en ander diensvoordele vir 'n voltyds-onbepaalde pos is in ooreenstemming met die sinodale riglyne vir die vergoedingspakket vir bedienaars van die Woord, tensy anders ooreengekom.

2.7 'n Voltyds-onbepaalde pos is pensioendraend met die volgende vereistes:

2.7.1 'n Bedienaars van die Woord in voltyds-onbepaalde pos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie;

2.7.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydrae tot die Pensioenfonds aan die hand van die reëls van die Pensioenfonds;

2.7.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer; en

2.7.4 die minimum bydraekategorie is 100%.

2.8 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die beroepsbrief goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.9 By die skep van 'n voltyds-onbepaalde pos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereistes van hierdie reglement voldoen word.

3. BEROEPING EN BEVESTIGING

3.1 By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 (voorgestelde wysiging van Artikel 7 en 8) van die *Kerkorde* en die *Reglement vir die Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat vir Bedienaar van die Woord* (voorgestelde nuwe Reglement).

3.2 'n Bedienaar van die Woord wie se pos van 'n tentmakerpos of 'n vaste termynpos na 'n voltyds-onbepaalde pos verander word, se diensooreenkoms word diensooreenkomstig gewysig, goedgekeur en onderteken, sonder om weer beroep en bevestig te word.

4. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

'n Bedienaar van die Woord in 'n voltyds-onbepaalde pos word na meerdere vergaderinge afgevaardig.

5. DIENSBEËINDIGING

5.1 'n Bedienaar van die Woord in 'n voltyds-onbepaalde pos tree by aanvaarding van 'n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente/kerkverband.

5.2 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Bevoegdheidsraad daarvan in kennis.

1.2.3 REGLEMENT VIR TENTMAKERPOSTE (TANS REGLEMENT 12)

2.3.1 Uitvoering word gegee aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 7 van die *Kerkorde*, die *Reglement vir Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Bedienaars van die Woord*, ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.3.4 'n Tentmakerpos is pensioendraend, tensy die bedienaar van die Woord wat die pos vul en die betrokke kerkvergadering goedkeuring van die trustees van die sinodale pensioenfonds verkry het om by 'n ander wetlik-goedgekeurde pensioenfonds in te skakel.

2.3.4 'n Tentmakerpos is pensioendraend onderworpe aan die volgende vereistes:

2.3.4.1 'n Bedienaars van die Woord in 'n tentmakerpos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie;

2.3.4.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydrae tot die Pensioenfonds aan die hand van die reëls van die Pensioenfonds;

2.3.4.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

2.3.4.4 wanneer die bedienaar van die Woord as tentmaker beroep is en reeds by 'n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit), is die minimum bydraekategorie 25%.

BEROEPING EN BEVESTIGING

3.1 Die Kerkraad beroep in ooreenstemming met die kerklike voorskrifte en finaliseer in oorleg met die ring die diensooreenkoms in ooreenstemming met Artikels 7.4 tot 7.7 van die *Kerkorde*.

3.1 By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en die *Reglement vir die Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat vir Bedienaar van die Woord*.

1.2.4 REGLEMENT VIR VASTETERMYNPOSTE (TANS REGLEMENT 13)

2.3.1 Uitvoering word gegee aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 7 van die *Kerkorde, die Reglement vir Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Bedienaars van die Woord*, ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

~~2.3.4 'n Vaste termynpos is pensioendraend, tensy die bedienaar van die Woord wat die pos vul en die betrokke kerkvergadering goedkeuring van die trusteees van die sinodale pensioenfonds verkry het om by 'n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds in te skakel, of om by hoë uitsondering by die trusteees van die sinodale pensioenfonds vrystelling van inskakeling te kry.~~

2.3.4 'n Vastetermynpos is:

2.3.4.1 nie pensioendraend indien die termynperiode minder as twaalf maande is nie en stel die werkgewer die werknemer vry van enige pensioenbydraes;

2.3.4.2 pensioendraend onderworpe aan die volgende voorwaardes:

2.3.4.2.1 die termyn langer as twaalf maande duur;

2.3.4.2.2 wanneer die termyn hernu word en die totale kontrakperiode twaalf maande oorskry, is die pos pensioendraend en moet pensioen ook terugwerkend betaal word vir die vorige kontrakperiode wat nie pensioendraend was nie;

2.3.4.2.3 'n bedienaar van die Woord in 'n termynpos, se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie;

2.3.4.2.4 die werkgewer bepaal die werkgewerbydraes tot die Pensioenfonds aan die hand van die reëls van die Pensioenfonds.

2.3.4.2.5 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

2.3.4.2.6 wanneer die bedienaar van die Woord in 'n termynpos beroep is en reeds by 'n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit), is die minimum bydraekategorie 25%.

BEROEPING EN BEVESTIGING

~~3.1 Die Kerkraad beroep in ooreenstemming met die kerklike voorskrifte en finaliseer in oorleg met die ring die diensooreenkoms in ooreenstemming met Artikels 7.4 tot 7.7 van die *Kerkorde*.~~

3.1 By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en die *Reglement vir die Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat vir Bedienaar van die Woord*.

4.4 'n Emeritus van 65 jaar en ouer wat by aanvaarding van 'n vastetermynpos reeds pensioen ontvang, is vrygestel van pensioenbydraes. Diens in dieselfde gemeente kan nie aanvaar word nadat pensioen reeds ontvang word nie (sien 4.3.6).

2. NUWE SAKE VIR GOEDKEURING

2.1 VERSOEK : RING VAN BOSHOFF

2.1.1 Die Ring van Boshoff het die ATR versoek om 'n uitleg en toepassing van die Algemene Sinode 2011 se besluite oor die doop te gee. Die ATR het aan die versoek voldoen en besluit om die uitleg en toepassing aan die Algemene Sinode vir onderskrywing voor te lê.

2.1.2 AANBEVELING: UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011 SE BESLUIE OOR DIE DOOP: Die Algemene Sinode onderskryf die ATR se interpretasie van die Algemene Sinode 2011 se besluite oor die doop.

UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE BESLUIE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011 OOR DIE DOOP

Die Algemene Taakspan Regte (ATR) het op 22 tot 24 April 2013 vergader en die Dagbestuur versoek om in terme van Bepaling 3.1.1 van die *Reglement vir die Algemene Taakspan Regte* 'n uitleg en toepassing van die besluite van die Algemene Sinode 2011 oor die doop te gee. Dit is in opvolging van 'n versoek wat die ATR vanaf die Ring van Boshoff ontvang het. Die Dagbestuur het die onderstaande uitleg en toepassing gegee en daarna deur die Algemene Taakspan Regte elektronies laat goedkeur.

1. Die **presiese bewoording** van die Algemene Sinode 2011 se besluite oor die doop is (Handelinge 2011, bladsy 163-164 en Kerkordeboek 2011, bladsy 120-121):

"1. Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.

2. Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.

3. Die Algemene Sinode gee terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus.

4. Die Algemene Sinode gee dankbaar erkenning aan lidmate wat ten spyte van hulle ander verstaan van die doop steeds lojaal bly aan die kerkverband en wil hulle verseker dat hulle 'n geestelike tuiste in die NG Kerk het.

5. Die Algemene Sinode vra opreg verskoning vir lidmate wat op een of ander wyse rondom die doop seergekry het, en nooi hulle uit tot onderlinge gesprek waar daar op pastorale wyse saam oor die saak gesels en gebid kan word.

6. Die Algemene Sinode verseker lidmate wat die NG Kerk vanweë hulle doopverstaan verlaat het, dat die NG Kerk 'n geestelike tuiste wil wees vir alle kinders van die Here en nooi hulle hartlik uit om hulle regmatige plek in hulle plaaslike NG gemeente in te neem en saam te werk aan die koms van God se koninkryk.

2. Die uitleg en toepassing van dié besluite berus op die volgende:

2.1 Die Algemene Sinode het die gereformeerde oortuiging bevestig dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die Evangeliese grondwaarheid dat God se genade en trou te alle tye gelowiges se aanvaarding daarvan voorafgaan. Hiermee het die Algemene Sinode niks anders gesê as wat onder andere in Efesiërs 2 vers 8 en 9 staan nie (sien ook I Korintiërs 7 vers 14): “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.”

2.2 Die besluite maak 'n onderskeid tussen kerkvergaderinge en ampsdraers se verantwoordelikheid en optrede aan die een kant en dié van lidmate aan die ander kant.

2.2.1 Alhoewel slegs predikante onder die **ampsdraers** genoem word, is ouderlinge en diakens daarby ingesluit.

2.2.1.1 Kerkrade en predikante word nie net **versoek** om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop **met oortuiging** te “verduidelik” aan lidmate wat die verbondsdoop onderskryf én aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop (waaronder oortuigings oor die groot-, bekerings- en wederdoop) huldig nie; kerkrade en predikante word ook **gevra om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging te “bevestig”**.

2.2.1.2 Bevestig word in die Verklarende *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* omskryf as: “**Ja sê; as waar verklaar.**”

2.2.2 Kerkvergaderinge en ampsdraers het 'n ander verbintenissen tot die belydenis van die Kerk as diegene wat slegs lidmate is.

2.2.2.1 Die **kerkraad** as kerkvergadering in die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is **gebind aan Artikel 1 van die Kerkorde**, wat lees:

“Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.”

2.2.2.2 Gelegitimeerdes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in die amp van bedienaar van die Woord staan, is in terme van hul **Plegtige Legitimasieverklaring** (sien ook Artikel 5.1.3 van die Kerkorde) verbind tot die verkondiging en bevestiging van die Belydenis van die Kerk, waarvan die toepaslike gedeelte lees:

“Ek, die ondergetekende, oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;

2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;

3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;

4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;

5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;”

2.2.2.3 Ouderlinge en diakens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, word **in terme van Artikel 15.1 van die Kerkorde verbind** tot die verkondiging en bevestiging van die Belydenis van die Kerk. Dié Artikel lees:

“15.1.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hul bevestiging hulle instemming met die belydenis van die Kerk.”

2.2.2.4 Die kerkrade, waarby die bedienaars van die Woord, die ouderlinge én die diakens in terme van Artikel 26.2 van die Kerkorde ingesluit, is **verbind tot die verkondiging en bevestiging van die inhoud van Artikel 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis**, waarvan die toepaslike gedeelte lees:

“Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog ook nie twee maal gebore word nie. Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie, en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel.”

2.2.2.5 Die kerkrade as kerkvergadering in die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is **verbind tot die verkondiging en bevestiging van die inhoud van Sondag 27 van die Heidelbergse Kategismus**, wat lees:

“74 Vraag Moet die jong kinders ook gedoop word? Antw Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloop nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan in die Nuwe Verbond die doop ingestel is.”

2.3 Ten opsigte van lidmate **wat steeds in die Kerk wil bly ten spyte van ’n ander doopbeskouing**, het die Algemene Sinode in 2011 die volgende besluit:

2.3.1 Dankbare erkenning word verleen aan lidmate met ’n ander doopbeskouing vir hulle lojaliteit aan die Kerk;

2.3.2 Lidmate met ’n ander doopbeskouing word verseker dat hulle ’n geestelike tuiste in die Kerk het.

2.3.3 Lidmate wat rondom die doop seergekry het, word deur die Kerk om verskoning gevra.

2.3.4 Lidmate wat seergekry het, word tot onderlinge gesprek genooi wat pastoraal en biddend moet geskied.

2.4 Ten opsigte van lidmate **wat reeds die Kerk verlaat het weens ’n ander doopbeskouing**, het die Algemene Sinode in 2011 die volgende besluit:

2.4.1 Gewese lidmate word genooi om na die Kerk terug te keer, gemeentelik mee te leef en saam met ander lidmate van die Kerk te werk om die koms van God se koninkryk te bevorder.

2.5 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 kan **soos volg uitgelê en op die kerkrad en ampsdraers van toepassing gemaak** word:

2.5.1 ’n Ampsdraers met ’n ander doopbeskouing **kan slegs in die amp aanbly indien hy/sy daardie beskouing nie bevorder nie en dit by wyse van ’n beswaar op grond van die Skrif, die Belydenis en/of die Kerkorde aan ’n bevoegde kerkvergadering vir beslissing voorlê**. Die persoonlike uitlewing of beoefening van die ander beskouing, kom neer op die bevordering daarvan en moet verhinder word. Dit beteken dat die weg van die voorlê aan die Algemene Sinode van ’n gravamen in sake die leer van die kerk eers gevolg moet word (sien Reglement vir Appèl en Beswaar, punt 1.1.3 en punt 7). **Ampsdraers van die Kerk mag nie enige leer wat strydig is met dié van die Kerk op enige manier bevorder nie**. Die beslissing van die Algemene Sinode moet na oorweging van die gravamen aanvaar word, by gebrek waarvan die amp neergelê moet word of die persoon ontnem moet word.

2.5.2 **Terwyl die bindende betekenis van belydenis, kerkorde en kerklike besluite enersyds aanvaar moet word, is daartoe egter óók nodig dat moontlike skriftuurlike besware daarteen vrylik uitgespreek moet word**. Ampsdraers en lidmate moet aangemoedig word en onder ’n verpligting gestel word om met skriftuurlike besware na vore te kom, want dit gaan in die kerk om die waarheid van die Woord, waarna te alle tye gesoek moet word. Daar mag onder geen omstandighede negatief opgetree word teen ampsdraers en ander lidmate wat besware op die kerkordelike wyse na vore bring nie en hulle mag nie vir die duur daarvan aan beperkinge onderhewig gemaak word nie. Die kerk moet met die grootste verdraagsaamheid (toleransie) omgaan met diegene wat ander oortuigings op grond van hulle verstaan van die Bybel huldig. Diegene moet eers alle geleentheid gegee word om gehoor te word. **Daar moet nie met die kerklike tug teen hulle opgetree word, voordat die saak nie tot die einde uitgepraat en deurgebid is nie**. Lidmate met skriftuurlike besware kan ook nie gedwing word om uitvoering te gee aan besluite of standpunte waarvoor hulle beswaard voel of waarvan hulle verskil nie.

2.5.3 Ampsdraers en ander lidmate wat ’n ander doopbeskouing bly verkondig en bevestig sonder dat die weg van die voorlê van ’n gravamen gevolg is, **kan nie onbepaald voortgaan om in die amp te dien nie**. Tensy sodanige ampsdraer uit eie oortuiging bedank, sal die weg van tughandeling gevolg moet word, nadat pogings om die saak op pastorale wyse op te los, nie die gewenste resultaat gelewer het nie (sien Reglement vir Tug en Dissipline, 3.1.3). Die tughandeling kan op die beëindiging van legitimasie of afsetting uit die diens uitloop.

2.6 In die Nederduitse Gereformeerde Kerk, soos in vele ander gereformeerde kerke, is daar **nie ’n ondertekeningsformulier waarmee lidmate van die Kerk hulle aan die kerklike belydenisse verbind nie**. By die aflê van die openbare belydenis van geloof, bevestig lidmate dat hulle glo dat die leer *“soos in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is.”* Soms word gedink dat die verwysing hier na *“die artikels van die Christelike geloof”* op die Formuliere van Eenheid slaan. Dit is egter nie die geval nie. Dit gaan hier oor wat in Sondag 7 van die Heidelbergse Kategismus gesê word:

“22 Vraag Wat moet ’n Christen glo? Antw Alles wat in die evangelie aan ons beloop word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

23 Vraag Hoe lui die artikels? Antw Ek glo in God die Vader, die Almagtige ... “ (waarop die res van die Twaalf Artikels of Apostolicum dan volg).

2.7 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 kan **soos volg uitgelê en op lidmate van toepassing gemaak** word:

2.7.1 **Teenoor ’n lidmaat met ’n ander doopbeskouing word met nóg groter verdraagsaamheid (toleransie) opgetree** as teenoor ’n ampsdraer. Nog meer as in die geval van ampsdraers, moet daar nie sonder meer met die tug teen gewone lidmate opgetree word, alvorens die saak nie tot die einde uitgepraat

en deurgebid is nie. Daarvoor maak die besluite van die Algemene Sinode 2011 oor die doop besonderlik voorsiening. Gesprek kan tot ander oortuiging aanleiding gee, veral as daar in liefde by die waarheid gebly word en so in alle opsigte na Christus gegroei word (Efesiërs 4 vers 15). Al verskil Christene onderling, moet die eenheid van die liggaam van Christus steeds gedien word in optrede weens 'n ander doopbeskouing. Daarom verleen die besluit van 2011 terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die kerk van Christus.

2.2 LANDSWETTE VAN TOEPASSING OP GEMEENTES/DIE KERKVERBAND

2.2.1 AANBEVELING: LANDSWETTE VAN TOEPASSING OP GEMEENTES/DIE KERKVERBAND

Die Algemene Sinode versoek die ATR om die landswette wat op gemeentes/die kerkverband van toepassing is, na te gaan en die kerkverband te adviseer oor die toepassing daarvan.

2.3 PROSEDURE BY DIE IMPLEMENTERING VAN ARTIKEL 48.3.5

2.3.1 Daar was 'n versoek dat daar behoorlike riglyne opgestel moet word wat kerkrade moet volg, voordat preekvergunning aan 'n ouderling verleen word.

2.3.2 AANBEVELING: PROSEDURE BY DIE IMPLEMENTERING VAN ARTIKEL 48.3.5

Die Algemene Sinode verwys die volgende rakende die prosedure by die hantering van Artikel 48.3.5 na die ATR vir hantering en die voorlegging van riglyne aan die ASM vir goedkeuring:

- **Aan watter vereistes so persoon moet voldoen.**
- **Die keuringsproses wat gevolg moet word.**
- **Oor watter vermoëns moet so persoon beskik.**
- **Is die vergunning beperk tot 'n bepaalde gemeente asook vaste termyn?**
- **Kan so persoon aansoek doen, of word hy/sy deur die kerkraad genomineer/uitgenooi?**
- **Watter minimum akademiese vereistes/kursusse word gestel voordat iemand die vergunning kan kry?**
- **Watter rol speel die kerkraad/ring in die toesighouding van die suiwer verkondiging van die Woord?**
- **Wat behels "preekvergunning"? Is dit beperk tot leesdienste? Kan so persoon eie preke maak? Is dit beperk tot prediking of mag sakramente bedien word?**

2.4 HERSIENING VAN DIE REGLEMENT VIR APPÈL OF BESWAAR

2.4.1 Daar was 'n versoek dat die ATR weer aandag gee aan die volgende bewoording van Reglement 17: "6.2 'n Lidmaat of 'n kerkvergadering wat 'n appèlstuk of beswaarskrif wil indien, moet binne 21 dae nadat die vergadering se goedgekeurde notule beskikbaar gestel is, by die meerdere vergadering daarvan kennis gee."

2.4.2 Die versoek handel oor die sinsnede "binne 21 dae nadat die vergadering se goedgekeurde notule beskikbaar gestel is, ..."

2.4.3 Dit moet oorweeg word om op op een of ander wyse 'n tydsbeperking op die beskikbaarstelling van die notule te plaas.

2.4.4 Daar was 'n verdere versoek dat aandag geskenk word aan die moontlikheid om die volgende by te voeg by Reglement 17, naamlik: "6.9 Besluite van mindere kerklike vergaderinge wat op appèl geneem is, bly van krag totdat die Appèlliggaam tot'n bevinding gekom het."

2.4.5 AANBEVELING: HERSIENING VAN DIE REGLEMENT VIR APPÈL OF BESWAAR

Die Algemene Sinode verwys die hersiening na die ATR vir hantering en tussentydse voorlegging aan die ASM vir goedkeuring

2.5 IMPLEMENTERING VAN DIE REGLEMENT VIR DIE VERLOF VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

2.5.1 Daar was 'n versoek dat die ATR by die Algemene Sinode'n datum aanbeveel wanneer alle kerkrade met hulle bedienaars van die Woord ooreenkom sodat die nuwe *Verlofreglement* vir alle bedienaars van die Woord geïmplementeer wees.

2.5.2 Daar is verwarring oor die implementering van die *Verlofreglement* wat in 2011 aanvaar is. Sommige kerkrade gaan voort asof daar geen wysiging aangebring is nie. Ander kerkrade het weer onmiddellik oorgegaan om die nuwe *Verlofreglement* in werking te stel. Die Algemene Bevoegdheidsraad het inligting voorsien oor die korrekte hantering van die aangeleentheid. Die ATR oordeel egter dat daar 'n afsnydatum behoort te wees, waarna alle bedienaars van die Woord oor dieselfde verlofvoordele behoort te beskik.

2.5.3 AANBEVELING: IMPLEMENTERING VAN DIE REGLEMENT VIR DIE VERLOF VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

Die Algemene Sinode versoek kerkrade om vóór die einde van Februarie 2015 tot 'n ooreenkoms met bedienaars van die Woord in gemeentelike diens te kom met die oog op die toepassing van die nuwe *Reglement vir die Verlof van Bedienaars van die Woord* vanaf 1 Maart 2015 op alle bedienaars van die Woord in dieselfde gemeente.

2.6 RIGLYNE VIR BRUGPREDIKING

2.6.1 Die ATR het 'n versoek ontvang om 'n reglement vir brugprediking vir goedkeuring aan die Algemene Sinode voor te lê.

2.6.2 Die ATR oordeel dat so 'n afsonderlike reglement nie nodig is nie.

2.6.3 AANBEVELING: RIGLYNE VIR BRUGPREDIKING

2.6.3.1 Die Algemene Sinode bevestig dat'n brugpredi kant onderworpe is aan die beroeping en bevestiging as bedienaar van die Woord in 'n vaste termynpos soos omskryf in Reglement vir Vaste Termynposte;

2.6.3.2 Die Algemene Sinode besluit dat riglyne vir brugprediking opgestel behoort te word en versoek die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)/Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) om dit te doen.

2.6.3.3 Die Algemene Sinode versoek die ABR/ATP om hierdie riglyne op te neem in die hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge en/of die ABR Handleiding.

2.7 BEREKENING BY VERLOFUITBETALING

2.7.1 Die ATR het navrae ontvang oor die berekening van verlofuitbetaling by diensbeëindiging van die dienste van 'n bedienaar van die Woord aan die hand van die *Verlofreglement*.

2.7.2 Die ATR gee die volgende inligting insake die berekening van die verlofuitbetaling:

Skedule: Berekening van 'n werknemer se besoldiging volgens art 35(5) van die WBDV (Wet 75 van 1997 soos gewysig)

1. Die volgende betalings word ingesluit by 'n werknemer se besoldiging vir die doeleindes van die berekening van verlof ingevolge Art 21, betaling in plaas van kennisgewing ingevolge art. 38 en die berekening van 'n skeidingsloon ingevolge Art 41:

(a) Behuising- of akkommodasietoelae of subsidie, of behuising of akkommodasie wat as besoldiging in natura ontvang word;

(b) Motortoelae of die voorsiening van 'n motor, behalwe in die mate dat die toelaag of die motor voorsien word om die werknemer in staat te stel om te kan werk;

(c) Enige kontanttoelaag aan 'n werknemer betaal, behalwe daardie toelae wat as uitsluitings gelys is in hierdie skedule;

(d) Enige ander besoldiging in natura ontvang deur 'n werknemer, behalwe daardie vergoeding wat as uitsluitings gelys is in hierdie skedule;

(e) Die werkgewer se bydraes tot 'n mediese fonds, pensioenfonds, voorsorgfonds of soortgelyke skemas; en

(f) Die werkgewer se bydraes tot tot begrafnis- of doodsvoordeelskemas.

2. Die volgende items vorm nie deel van die vergoeding vir die doeleindes van hierdie berekening nie:

(a) Enige kontantbetaling of vergoeding in natura wat voorsien word om die werknemer in staat te stel om te werk (byvoorbeeld 'n toerustings-, gereedskaps- of soortgelyke toelaag of die voorsiening van vervoer of die betaling van 'n vervoertoelaag om die werknemer in staat te stel om na en van die werk te reis);

(b) 'n Hervestigingstoelaag;

(c) Gratifikasies (byvoorbeeld voetjies ontvang van klante) en geskenke ontvang van die werkgewer;

(d) Aandele-aansporingskemas;

(e) Diskresionêre betalings wat nie verband hou met die werknemer se werksure of prestase nie (byvoorbeeld 'n diskresionêre winsdelingskema);

(f) 'n Onthaaltoelaag; en

(g) 'n Opvoedings- of skooltoelaag.

3. Die waarde van vergoeding in natura moet soos volg bepaal word:

(a) 'n Waarde waarop ooreengekom is in óf 'n diensooreenkoms óf 'n kollektiewe ooreenkoms, op voorwaarde dat die ooreengekome waarde nie minder mag wees nie as die koste vir die werkgewer om die vergoeding in natura te voorsien; of

(b) Die koste vir die werkgewer om die vergoeding in natura te voorsien.

4. 'n Werknemer is nie geregtig op 'n betaling in kontant of die kontantwaarde van vergoeding in natura as deel van die besoldiging nie wanneer:

(a) Die werknemer die betaling ontvang het of die vergoeding in natura gedurende die relevante periode geniet het of kon geniet het; of

(b) In die geval van 'n bydrae tot 'n fonds of skema wat deel van die besoldiging vorm, en die werkgewer het die bydrae vir die relevante periode betaal.

5. Hierdie skedule is net van toepassing op betaling vir jaarlikse verlof wat opgehoop het vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Skedule.

6. As betalings fluktrueer, moet dit bereken word oor 'n periode van 13 weke, of as die werknemer vir 'n korter periode in diens was, vir daardie periode.

7. 'n Betaling wat vir 'n spesifieke periode ontvang is ten opsigte van 'n langer periode (byvoorbeeld 'n dertiende tjek) moet pro rata verdeel word oor die spesifieke periode.

8. Hierdie Skedule is net van toepassing op die minimum betalings wat van 'n werkgewer vereis word om te maak ingevolge die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (7 Julie 2003.)

2.7.3 AANBEVELING: BEREKENING BY VERLOFUITBETALING

2.7.3.1 Die Algemene Sinode neem kennis van hierdie inligting; en

2.7.3.2 Die Algemene Sinode versoek die ABR om hierdie riglyne op te neem in die hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.

2.8 REGLEMENT VIR DIE WYSIGING VAN DIE BELYDENIS

2.8.1 Bepaling 3 van die (voorgestelde reglement) lui soos volg: “Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.” (Dit is punt 6.3 van die bestaande reglement.)

2.8.2 Die mening is uitgespreek dat daar eers 'n poging aangewend moet word om minstens tweederdes van die belydende lidmate te kry om te stem, alvorens daar in 'n tweede rondte volstaan word met die “uitgebragte stemme”, ongeag die aantal lidmate wat gestem het.

12.8.3 AANBEVELING: REGLEMENT VIR DIE WYSIGING VAN DIE BELYDENIS

Die Algemene Sinode verwys Bepaling 3 van die Reglement vir die Wysiging van die Belydenis na die Tydelike ATR om te besin oor die billikheidsbeginsel van dié punt.

9. SLOT

Hiermee vertrou die ATR dat hy die taak aan hom opgedra na behore nagekom het. Die vergadering van die Algemene Sinode word die seën van die Here toegebied.

Dr JH Ernst (Voorsitter)

Ds HM Janse van Rensburg (Skriba)

B. BESKRYWINGSPUNTE EN BESWAARSKRIFTE (AANVULLEND)

B.28 BELYDENIS VAN DIE KERK EN SY LEIERS

(FP PIETERSE)

GRAVAMEN/ VERSOEKSKRIF

Lidmaat FP Pieterse het betyds kennis gegee (2 Junie 2013) dat hy 'n gravamen gaan stuur. Dit verskyn hier onder.

1.GRAVAMEN/ VERSOEKSKRIF: BELYDENIS VAN DIE KERK EN SY LEIERS

As individu en lidmaat van hierdie kerk het ek reeds aan twee vorige moderators skrywes gerig in 'n poging om die mediaberigte wat die menings van sommige leiers publiseer, te balanseer met die Belydenisskrifte van die kerk. Verder het ek 'n skrywe hieroor aan die Kerkbode gerig wat nie gepubliseer is nie. Ten einde raad het ek 'n skrywe hieroor aan die kerkraad gerig wat uitgeloop het op 'n gewysigde beskrywingspunt wat voor die Hoëveld Streeksinode gedien het. Die sinode het uiteindelik, na veel teëstand, die beskrywingspunt soos geamendeer goedgekeur. Hierna is twee geleenthede gehou waar dit bespreek is. Tydens hierdie geleenthede is dit gestel dat hierdie saak direk, deur middel van 'n gravamen aan die Algemene Sinode gerig moet word. Vandaar dan hierdie gravamen/ versoekskrif.

2. KERN VAN DIE VERSOEK.

Omdat mediaberigte in verband met sogenaamde uitsprake van ons leiers die lidmate verwar en selfs laat twyfel, word die leiers opgeroep om hul siening/verstaan van Belydenisskrifte en die Bybel as die Woord van God duidelik te verwoord en waar nodig aan te bied vir goedkeuring. Ons as lidmate wil met sekerheid weet wat ons leiers glo en dat dit ooreenstem met die goedgekeurde Belydenisskrifte.

Die sake wat veral aandag moet kry, is die volgende:

- 1) Die gesag van die Bybel as die Woord van God.
- 2) Die liggaamlike opstanding van Jesus die Christus uit die dood.
- 3) Die maagdelike geboorte van Jesus.
- 4) Die bestaan van 'n wese wat duivel of satan genoem word. Hiermee saam die bestaan van die hel.
- 5) Die wonderwerke. Die skepping ens.

Punt 1: As lidmate hoor en lees ons dat daar van ons leiers is wat leer dat die Bybel nie sondermeer sonder interpretasie aanvaar kan word nie, maar dat slegs teoloë wat bevoeg is vir ons ander die Skrif moet verklaar, uitleë of dan interpreteer. Hierdie siening is selfs by 'n vorige sitting in 'n werkstuk verwoord. Die feit dat die aanbevelings nie goedgekeur is nie maak nie die denkwyse van die werkspan reg nie.

Punt 2: Herhaalde ontwykings deur sommige leiers om hieroor standpunt in te neem, het alreeds groot verwarring by lidmate veroorsaak. Indien die Belydenisskrifte hieroor foutief is, dan moet dit reggestel word.

Punt 3: Soos punt 2

Punt 4: Dat die Algemene Sinode 'n besluit kon neem wat lidmate die keuse gee om self die waarheid volgens hul eie siening te kies oor so 'n belangrike leerstelling is verstommend en al die ander byvoeglike naamwoorde wat bestaan. Twee verskillende waarhede oor een spesifieke saak kan tog nie reg wees nie. Hier het ons te doen met 'n waarheid volgens God en 'n sogenaamde waarheid van die mens. Kan enigeen kwalik geneem word as hy/sy die waarheid van God se Woord stel bo die siening van 'n feilbare mens.

3. AANBEVELINGS:

3.1 Die Algemene Sinode neem hierdie laatstuk ter tafel.

3.2 Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie saak deur 'n taakspan ondersoek en beoordeel word met verslag by die volgende sitting.

3.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Taakspan om die hoofrede soos gestel onder "kern van die versoek", te gebruik as uitgangspunt.

3.4 Die taakspan neem kennis dat die voorsteller kosteloos gekoöpteer kan word vir die eerste sessie van hul ondersoek.